The financial statements have been prepared in accordance with International Financial Reporting Standards and their interpretations adopted by the International Accounting Standards Board.

#### (b) Preparation

The consolidated financial statements are presented in rands, rounded off to the nearest thousand. They are prepared on the historical-cost basis unless otherwise stated. The carrying values of the recognised assets and liabilities that are designated hedged items in fair value hedges, and are otherwise carried at cost, are adjusted to record changes in the fair values attributable to the risks that are being hedged. The preparation of financial statements in conformity with IFRS requires management to make judgements, estimates and assumptions that affect the application of policies and reported amounts of assets and liabilities, income and expenses. These estimates and associated assumptions are based on experience and various other factors that are believed to be reasonable under the circumstances, the results of which form the basis of making the judgements about carrying values of assets and liabilities that are not readily apparent from other sources. Actual results may differ from these estimates. The estimates and underlying assumptions are reviewed on an ongoing basis.

Revisions to accounting estimates are recognised in the period in which the estimate is revised if the revision affects only that period, or in the period of the revision and future periods if the revision affects both current and future periods. Judgements made by management that have a significant effect on the financial statements and estimates with a significant risk of material adjustment in the next year are discussed in note 2.3. The accounting policies set out below have been applied consistently to all periods presented in these financial statements.

## 1. Korporatiewe inligting

Clover Industries Bpk (die "Maatskappy") is 'n maatskappy geïnkorporeer en gevestig in Suid-Afrika. Die gekonsolideerde finansiële state van die Groep vir die jaar geëindig 30 Junie 2012 sluit die Maatskappy en sy filiale in (saam word daar na die "Groep" verwys) en die Groep se belange in gesamentlike beheerde entiteite. Die Maatskappye in die Groep se jaareindes stem ooreen.

Die gekonsolideerde finansiële state van Clover Industries Bpk vir die jaar geëindig 30 Junie 2012 is deur die Direkteure goedgekeur vir uitreiking in terme van 'n resoluë op 6 September 2012.

Die Groep se bedrywighede en hoof-aktiwiteite word in die Direkteursverslag uiteengesit.

## 2. Rekeningkundige basis

### 2.1 Basis van voorbereiding

#### (a) Verklaring van nakoming

Die finansiële state is opgestel ooreenkomstig "International Financial Reporting Standards" en die vertolking daarvan deur die "International Accounting Standards Board".

#### (b) Voorbereiding

Die gekonsolideerde finansiële state word in rande aangebied, afgerond tot die naaste duisend. Die state is opgestel op die historiese kostebasis, tensy anders aangetoon. Die drawaarde van die erkende bates en laste wat in aangewese instrumente met 'n billike waarde verskans is en andersins teen kosprys gedra word, word aangepas om veranderinge in die billike waarde van die risiko's wat verskans word aan te teken. Die voorbereiding van finansiële state in ooreenstemming met IFRS vereis dat die bestuur waardebepalings, ramings en aannames moet maak wat die toepassing van beleid en die aangeduide waardes van bates en laste en inkomste en uitgawes raak. Die ramings en verwante aannames is gegrond op ervaring en verskeie ander faktore wat in die omstandighede as redelik beskou kan word en die resultate vorm die basis van die menings oor die drawaardes van bates en laste wat nie gereedelik uit ander bronne blyk nie. Werklike waardes mag van hierdie ramings verskil. Die ramings en onderliggende aannames word voortdurend hersien.

Hersienings van rekeningkundige ramings word erken in die tydperk waarin die raming hersien word indien die hersiening slegs daardie tydperk raak, of in die daaropvolgende tydperke as die hersiening huidige sowel as toekomstige tydperke raak. Waardebepalings deur bestuur wat 'n beduidende uitwerking op die finansiële state en ramings het en 'n beduidende risiko van wesenlike aanpassing in die volgende jaar inhou, word in aantekening 2.3 bespreek. Die rekeningkundige beleid hieronder omskryf is konsekwent op alle periodes in hierdie finansiële state toegepas.

# Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

## (c) Basis of consolidation

### *Subsidiaries and business combinations*

Subsidiaries are entities controlled by the Company. Control exists when the Company has the power, directly or indirectly, to govern the financial and operating policies of an entity so as to obtain benefits from its activities. In assessing control, potential voting rights that are presently exercisable or convertible are taken into account. The financial statements of subsidiaries are included in the consolidated financial statements from the date on which control commences until the date that control ceases. Investments in subsidiaries are accounted for at cost by the investing company.

A change in the ownership interest of a subsidiary without a loss of control is accounted for as an equity transaction.

Business combinations are accounted for using the acquisition method. The cost of an acquisition is measured as the aggregate of the consideration transferred, measured at acquisition date fair value and the amount of any non-controlling interest in the acquiree. For each business combination, the Group elects whether it measures the non-controlling interest in the acquiree either at fair value or at the proportionate share of the acquiree's identifiable net assets. Acquisition costs incurred are expensed and included in administrative expenses. When the Group acquires a business, it assesses the financial assets and liabilities assumed for appropriate classification and designation in accordance with the contractual terms, economic circumstances and pertinent conditions as at the acquisition date. This includes the separation of embedded derivatives in host contracts by the acquiree.

Any contingent consideration to be transferred by the acquirer will be recognised at fair value at the acquisition date. Subsequent changes to the fair value of the contingent consideration that is deemed to be an asset or liability will be recognised in accordance with IAS 39 either in profit or loss or as a change to other comprehensive income. If the contingent consideration is classified as equity, it will not be remeasured. Subsequent settlement is accounted for within equity. In instances where the contingent consideration does not fall within the scope of IAS 39, it is measured in accordance with the appropriate IFRS.

Total comprehensive income is attributed to the non-controlling interest even if that results in a deficit balance.

If the Group loses control over a subsidiary, it:

- Derecognises the assets (including goodwill) and liabilities of the subsidiary.
- Derecognises the carrying amount of any non-controlling interest.
- Derecognises the cumulative translation differences recorded in equity.
- Recognises the fair value of the consideration received.

## (c) Basis van konsolidasie

### *Filiale en besigheidsamevoegings*

Filiale is entiteit wat deur die Maatskappy beheer word. Beheer bestaan waar die Maatskappy die mag het om die finansiële – en bedryfsbeleid van 'n entiteit regstreeks of onregstreeks te bestuur om voordeel uit sy aktiwiteite te verkry. By die bepaling van beheer word potensiele stemreg wat tans uitoefenbaar of omskepbaar is, in ag geneem. Filiale se finansiële state word in die gekonsolideerde finansiële state ingesluit vanaf die datum waarop beheer begin tot die datum waarop beheer eindig. Beleggings in filiale word teen kosprys gedra deur die maatskappy wat die beleggings maak.

'n Verandering in die eienaarskap-belang van 'n filiaal sonder die verlies van beheer word as 'n ekwiteitstransaksie te boek gestel.

Besigheidskombinasies word verantwoord deur die gebruik van die verkrygingsmetode. Die koste van 'n verkryging word gemeet as die totaal van die teenprestasie wat oorgedra word, gemeet teen billike waarde op die verkrygingsdatum en die som van enige nie-beherende belang in die verkrygte. Vir elke besigheidskombinasie kies die Groep of hy die nie-beherende belang in die verkrygte meet of teen billike waarde of teen die proporsionele aandeel van die verkrygte se identifiseerbare netto bates. Verkrygingskoste aangegaan word as uitgawe hanteer en ingesluit in administratiewe uitgawes. Wanneer die Groep 'n besigheid verkry, beoordeel hy die finansiële bates en aanspreeklikhede vir toepaslike klassifikasie en aanwysing in ooreenstemming met die kontraktuele terme, ekonomiese omstandighede en pertinente voorwaardes soos op die verkrygingsdatum. Dit sluit in die skeiding van verskeie afgeleide instrumente in die gasheerkontrakte deur die verkryger verkry.

Enige voorwaardelike teenprestasie wat deur die verkryger oorgedra moet word, sal erken word teen billike waarde op die verkrygingsdatum. Latere veranderinge aan die billike waarde van die voorwaardelike teenprestasie wat geag word 'n bate of aanspreeklikheid te wees, sal in ooreenstemming met IAS 39 of in wins of verlies of as 'n verandering in ander omvattende inkomste erken word. Indien die voorwaardelike teenprestasie as ekwiteit geklassifiseer word, sal dit nie herwaardeer word nie. Daaropvolgende vereffening word binne ekwiteit verantwoord. In gevalle waar die voorwaardelike teenprestasie nie binne die omvang van IAS 39 val nie, word dit gemeet in ooreenstemming met die toepaslike IFRS.

Totale omvattende inkomste word toegeskryf aan die nie-beherende belang selfs al lei dit tot 'n negatiewe saldo.

Indien die Groep beheer verloor oor 'n filiaal, dan geld die volgende:

- Onderken die bates (insluitend klandisiewaarde) en laste van die filiaal.
- Onderken die drabedrag van enige nie-beherende belang.
- Onderken die kumulatiewe omskakelingsverskille wat in ekwiteit aangeteken word.

## Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

- Recognises the fair value of any investment retained.
- Recognises any surplus or deficit in profit or loss.
- Reclassifies the parent's share of components previously recognised in other comprehensive income to profit or loss or retained earnings, as appropriate.

### *Non-controlling interest*

Non-controlling interest represents the portion of profit or loss and the net assets not held by the Group and are presented separately in the statement of comprehensive income and within equity in the consolidated statement of financial position, separately from parent shareholders' equity.

### *Joint ventures*

Joint ventures are those entities over which activities the Company has joint control, established by contractual agreement. The consolidated financial statements include the Group's proportionate share of the entities' assets, liabilities, income and expenses with items of a similar nature on a line-by-line basis, from the date on which joint control commences until the date that joint control ceases. Financial statements of the joint ventures are prepared for the same reporting period as the Parent Company. Adjustments are made where necessary to bring the accounting policies in line with those of the Group.

Upon loss of joint control and provided the former joint-control-entity does not become a subsidiary or associate, the Group measures and recognises its remaining investment at its fair value. Any difference between the carrying amount of the former joint controlled entity upon loss of joint control and the fair value of the remaining investment and proceeds from disposal are recognised in profit or loss. When the remaining investment constitutes significant influence, it is accounted for as investment in an associate.

From the date when a jointly controlled entity becomes an associate of the Group, the Group accounts for its interest in accordance with IAS 28.

### *Transactions eliminated on consolidation*

Intra-group balances and unrealised gains and losses or income and expenses arising from intra-group transactions are eliminated in preparing the consolidated financial statements. Unrealised gains arising from transactions with jointly controlled entities are eliminated to the extent of the Group's interest in the entity. Unrealised losses are eliminated in the same way as unrealised gains, but only to the extent that there is no evidence of impairment. Impairment losses on transactions are recognised immediately if the loss provides evidence of a reduction in the net realisable value of current assets.

- Erken die billike waarde van die vergoeding ontvang.
- Erken die billike waarde van enige belegging behou.
- Erken enige surplus of tekort in wins of verlies.
- Herklassifiseer die houermaatskappy se deel van komponente wat voorheen erken is in omvattende inkomste na wins of verlies of behoue verdienste, soos toepaslik.

### *Nie-beherende belang*

Nie-beherende belang verteenwoordig die gedeelte van die wins of verlies en die netto bates wat nie deur die Groep gehou word nie en word afsonderlik in die staat van omvattende inkomste en as deel van ekwiteit in die gekonsolideerde staat van finansiële posisie aangetoon, afsonderlik van die houermaatskappy se aandeelhouersekewiteit.

### *Gesamentlike ondernemings*

Gesamentlike ondernemings is daardie entiteite oor wie se aktiwiteite die Maatskappy gesamentlike beheer uitoefen soos per kontraktuele ooreenkoms bepaal. Die gekonsolideerde finansiële state sluit die Groep se proporsionele gedeelte van die entiteite se bates, laste, inkomste en uitgawes in, met soortgelyke items op 'n lyn-vir-lyn-basis, vanaf die datum waarop gesamentlike beheer begin tot die datum waarop gesamentlike beheer eindig. Finansiële state van die gesamentlike ondernemings word voorberei vir dieselfde verslagdoeningstydperk as die Houermaatskappy.

Met die verlies van gesamentlike beheer en mits die voormalige gesamentlik beheerde entiteit nie 'n filiaal of geassosieerde word nie, meet en erken die Groep sy oorblywende belegging teen sy billike waarde. Enige verskil tussen die drabedrag van die voormalige gesamentlik beheerde entiteit tydens die verlies van gesamentlike beheer en die billike waarde van die oorblywende belegging en die opbrengs uit die verkoop word in wins of verlies erken. Wanneer die oorblywende belegging beduidende invloed uitoefen, word dit as 'n belegging in 'n geassosieerde te boek gestel.

Vanaf die datum waarop 'n gesamentlik beheerde entiteit 'n geassosieerde van die Groep word, stel die Groep sy belang in ooreenstemming met IAS 28 te boek.

### *Transaksies met konsolidasie uitgeskakel*

Intergroepsaldo's, enige ongerealiseerde winste en verliese of inkomste en uitgawes uit intergroeptransaksies word by die voorbereiding van die gekonsolideerde finansiële state uitgeskakel. Ongerealiseerde winste wat ontstaan uit transaksies met gesamentlik beheerde entiteite word uitgeskakel tot die mate van die Groep se belang in die entiteit. Ongerealiseerde verliese word op dieselfde wyse as ongerealiseerde winste uitgeskakel, maar slegs tot die mate dat daar geen bewys van waardedaling is nie. Waardedalingsverliese met transaksies word onmiddellik erken indien die verlies bewys lewer van 'n vermindering in die netto realiseerbare waarde van bedryfsbates.

# Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

## (d) Changes in accounting policies and disclosures

The accounting policies adopted are consistent with those of the previous financial year. The Group has adopted the following new and amended IFRS and IFRIC interpretations during the year:

**IAS 24 Amendments to IAS 24** – Related Party Disclosures, effective date 1 January 2011

**IFRIC 14 Amendments to IFRIC 14** – Prepayments of a Minimum Funding Requirement, effective date 1 January 2011

**IFRS 7 Financial instruments: Disclosure** – Transfer of Financial Assets, effective date 1 July 2011

**Improvements to IFRS (May 2010)** – Effective date mostly 1 January 2011

The Directors are of the opinion that the impact of the standards will be as follows:

- **IAS 24** Amendments to IAS 24 – Related Party Disclosures

The amended standard is effective for annual periods beginning on or after 1 January 2011. It clarifies the definition of a related party to simplify the identification of such relationships and to eliminate inconsistencies in its application. The revised standard introduces a partial exemption of disclosure requirements for government related entities. The Group does not expect any impact on its financial position or performance. Early adoption is permitted for either the partial exemption for Government-related entities or for the entire standard.

- **IFRIC 14** Amendments to IFRIC 14 – Prepayments of a Minimum Funding Requirement

The amendment to IFRIC 14 is effective for annual periods beginning on or after 1 January 2011 with retrospective application. The amendment provides guidance on assessing the recoverable amount of a net pension asset. The amendment permits an entity to treat the prepayment of a minimum funding requirement as an asset. The amendment is deemed to have no impact on the financial statements of the Group.

- **IFRS 7** Financial Instruments: Disclosure – Transfer of Financial Assets

The amendments improve the disclosure requirements for derecognition of financial assets. Users of financial statements are expected to evaluate the risk exposures relating to transferred financial assets and the effect of the risks on an entity's financial position, particularly those that involve securitisation of financial assets. The Group, however, expects no impact from the adoption of the amendments on its financial position or performance.

- **Improvements to IFRS** (issued in May 2010)

In May 2010, the IASB issued its third omnibus of amendments to its standards, primarily with a view to removing inconsistencies and clarifying wording. There are separate transitional provisions for each standard.

## (d) Veranderinge in rekeningkundige beleide en openbaarmakings

Die rekeningkundige beleid is konsekwent toegepas met dié in die vorige finansiële jaar. Die Groep het die volgende nuwe en gewysigde IFRS- en IFRIC-interpretasies gedurende die jaar geïmplementeer:

**IAS 24 Wysigings tot IAS 24** – Openbaarmaking van Verwante Partye, effektiewe datum 1 Januarie 2011

**IFRIC 14 Wysigings tot IFRIC 14** – Voorafbetaling van 'n Minimum Befondsingsvereiste, effektiewe datum 1 Januarie 2011

**Verbeterings tot IFRS (Mei 2010)** – Effektiewe datum meestal 1 Januarie 2011

Die Direkteure is van mening dat die impak van die standaarde soos volg sal wees:

- **IAS 24** Wysigings tot IAS 24 – Openbaarmaking van Verwante Partye

Die gewysigde standaard is effektief vir jaarlikse periodes wat op of na 1 Januarie 2011 begin. Dit het die definisie van 'n verwante party verduidelik om die identifisering van sodanige verhoudings te vereenvoudig en om inkonsekwenthede in die uitvoering daarvan uit te skakel. Die hersiene standaard stel 'n gedeeltelike kwyskelding van bekendmakingsvereistes vir Regeringsverwante entiteite in. Die Groep verwag geen impak op sy finansiële posisie of prestasie nie. Vroeë toepassing word toegelaat vir die gedeeltelike kwyskelding vir regeringsverwante entiteite of vir die hele standaard.

- **IFRIC 14** Wysigings tot IFRIC 14 – Voorafbetaling van 'n Minimum Befondsingsvereiste

Die wysiging tot IFRIC 14 is effektief vir jaarlikse periodes wat op of na 1 Januarie 2011 met terugwerkende toepassing begin. Die wysiging bied riglyne vir die assessering van die verhaalbare bedrag van 'n netto pensioenbete. Die wysiging stel 'n entiteit in staat om die voorafbetaling van 'n minimum befondsingsvereiste as 'n bate te behandel. Daar word gemeen dat die wysiging geen impak op die finansiële state van die Groep het nie.

- **IFRS 7** Finansiële Instrumente: Openbaarmaking – Oordrag van Finansiële Bates

Die wysigings verbeter die openbaarmakingsvereistes vir die ontkenning van finansiële bates. Daar word van gebruikers van finansiële state verwag om die risikoblootstelling ten opsigte van finansiële bates wat oorgedra is en die effek van die risiko's op 'n entiteit se finansiële posisie te evalueer, veral die wat sekuritisering van finansiële bates insluit. Die Groep verwag egter geen impak van die toepassing van die wysigings op sy finansiële posisie of prestasie nie.

- **Verbeterings tot IFRS** (uitgereik in Mei 2010)

Die IASB het in Mei 2010 sy derde omnibus van wysigings tot sy standaarde uitgereik, hoofsaaklik met die doel om inkonsekwenthede te verwyder en bewoording meer suiwer te stel. Daar is afsonderlike oorgangsbepalings vir elke standaard.

## Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

The adoption of the following amendments resulted in changes to accounting policies, but no impact on the financial position or performance of the Group.

**IFRS 7** – Clarification of Disclosures.  
(effective 1 January 2011)

**IAS 1** – Clarification of Statement of Changes in Equity.  
(effective 1 January 2011)

**IAS 34** – Significant Events and Transactions.  
(effective 1 January 2011)

**IFRIC 13** – Fair Value of Award Credits (effective 1 January 2011)

### 2.2 Standards, interpretations and amendments issued that are not yet effective

At the date of authorisation of the Group annual financial statements for the year ended 30 June 2012, the following standards and interpretations were in issue but not yet effective:

**IAS 1** Financial Statement Presentation – Presentation of Items of Other Comprehensive Income (amendment) (effective 1 July 2012)

**IAS 12** Deferred Tax – Recovery of Underlying Assets (amendment) (effective 1 January 2012)

**IAS 19** Employee Benefits (amendment)  
(effective 1 January 2013)

**IAS 27** Separate Financial Statements (as revised in 2011)  
(effective 1 January 2013)

**IAS 28** Investment in Associates and Joint Ventures (as revised in 2011) (effective 1 January 2013)

**IFRS 9** Financial Instruments Classification and Measurement (effective 1 January 2015)

**IFRS 10** Consolidated Financial Statements  
(effective 1 January 2013)

**IFRS 11** Joint Arrangements (effective 1 January 2013)

**IFRS 12** Disclosure of Involvement with Other Entities (effective 1 January 2013)

**IFRS 13** Fair Value Measurement (effective date 1 January 2013)

**IFRS 7** Disclosure – Offsetting Financial Assets and Financial Liabilities (amendments to IFRS 7) (effective 1 January 2013)

**IAS 32** Offsetting Financial Assets and Financial Liabilities (amendments to IAS 32) (effective 1 January 2014)

**IFRS 9**, IFRS 7 Mandatory Effective Date and Transition Disclosures (amendments to IFRS 9 and IFRS 7) (effective 1 January 2015)

**Improvements to IFRS** (issued in May 2012)

Die aanvaarding van die volgende wysigings het gelei tot veranderinge in rekeningkundige beleid, maar geen uitwerking op die finansiële posisie of prestasie van die Groep nie:

**IFRS 7** – Verduideliking van openbaarmakings.  
(effektief 1 Januarie 2011)

**IAS 1** – Verduideliking van staat van veranderinge in ekwiteit.  
(effektief 1 Januarie 2011)

**IAS 34** – Belangrike gebeure en transaksies.  
(effektief 1 Januarie 2011)

**IFRIC 13** – Billike waarde van toekenningkrediete.  
(effektief 1 Januarie 2011)

### 2.2 Standpunte, interpretasies en wysigings uitgereik en nog nie effektief nie

Op die magtigingsdatum van die Groep se finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 June 2012 was die volgende standpunte en interpretasies uitgereik, maar nog nie effektief nie:

**IAS 1** Aanbieding van finansiële state – Aanbieding van Items van Ander Omvattende Inkomste (Wysiging), effektiewe datum 1 Julie 2012

**IAS 12** Uitgestelde Belasting: Verhaling van onderliggende bates (Wysiging), effektiewe datum 1 Januarie 2012

**IAS 19** Werknemervoordele (Wysiging) (effektiewe datum 1 Januarie 2013)

**IAS 27** Afsonderlike Finansiële State (Soos hersien in 2011), effektiewe datum 1 Januarie 2013

**IAS 28** Belegging in Geassosieerdes en Gesamentlike Ondernemings (Soos hersien in 2011), effektiewe datum 1 Januarie 2013

**IFRS 9** Finansiële Instrumente Klassifikasie en Meting, effektiewe datum 1 Januarie 2015

**IFRS 10** Gekonsolideerde Finansiële State  
(effektief 1 Januarie 2013)

**IFRS 11** Gesamentlike Reëlins  
(effektief 1 Januarie 2013)

**IFRS 12** Openbaarmaking van Belange in Ander Entiteite  
(effektief 1 Januarie 2013)

**IFRS 13** Meting van Billike Waarde (effektief 1 Januarie 2013)

**IFRS 7** Openbaarmaking – Verrekening van finansiële bates en finansiële laste (Wysigings aan IFRS 7) (effektiewe datum 1 Januarie 2013)

**IAS 32** Verrekening van finansiële bates en finansiële laste  
(Wysigings aan IAS 32), effektiewe datum 1 Januarie 2014

**IFRS 9** IFRS 7 Verpligte effektiewe datum en oorgangsoopenbaarmakings (Wysigings aan IFRS 9 en IFRS 7), effektiewe datum 1 Januarie 2015

**Verbeterings tot IFRS** (uitgereik in Mei 2012)

# Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

The standards must be implemented for annual periods beginning on or after the effective date.

The Directors are of the opinion that the impact of the application of the standards will be as follows:

- **IAS 1** Financial Statement Presentation – Presentation of Items of Other Comprehensive Income (OCI) (amendment)

The amendments to IAS 1 change the grouping of items presented in OCI. Items that could be reclassified (or 'recycled') to profit or loss at a future point in time (for example, upon derecognition or settlement) would be presented separately from items that will never be reclassified. The amendment affects presentation only and has there no impact on the Group's financial position or performance. The amendment becomes effective for annual periods beginning on or after 1 July 2012.

- **IAS 12** Deferred Tax: Recovery of Underlying Assets (amendment)

The amendment clarified the determination of deferred tax on investment property measured at fair value. The amendment introduces a rebuttable presumption that deferred tax on investment property measured using the fair value model in IAS 40 should be determined on the basis that its carrying amount will be recovered through sale. Furthermore, it introduces the requirement that deferred tax on non-depreciable assets that are measured using the revaluation model in IAS 16 always be measured on a sale basis of the asset. The amendment becomes effective for annual periods beginning on or after 1 January 2012.

- **IAS 19** Employee Benefits (amendment)

The IASB has issued numerous amendments to IAS 19. These range from fundamental changes such as removing the corridor mechanism and the concept of expected returns on plan assets to simple clarifications and re-wording. The Group is currently assessing the full impact of the amendments. The amendment becomes effective for annual periods beginning on or after 1 January 2013.

- **IAS 27** Separate Financial Statements (as revised in 2011)

As a consequence of the new IFRS 10 and IFRS 12, what remains of IAS 27 is limited to accounting for subsidiaries, jointly controlled entities, and associates in separate financial statements. The amendment becomes effective for annual periods beginning on or after 1 January 2013.

- **IAS 28** Investment in Associates and Joint Ventures (as revised in 2011)

As a consequence of the new IFRS 11 and IFRS 12, IAS 28 has been renamed IAS 28 Investments in Associates and Joint Ventures, and describes the application of the equity

Die standpunte moet vir jaarlikse periodes geïmplementeer word wat op of na die effektiewe datum begin

Die Direkteure is van mening dat die impak van die toepassing van die standpunte soos volg sal wees:

- **IAS 1** Aanbieding van Finansiële State – Aanbieding van Items van Ander Omvattende Inkomste (AOI) (Wysiging)

Die wysigings aan IAS 1 verander die groepering van items aangebied in AOI. Items wat geherklassifiseer kan word (of "herwin") na wins of verlies op 'n toekomstige tydstip (byvoorbeeld, op onderkenning of vereffenings) sou afsonderlik aangebied word van items wat nooit geherklassifiseer sal word nie. Die wysiging beïnvloed slegs aanbieding en is daar geen impak op die Groep se finansiële posisie of prestasie nie. Die wysiging word effektief vir jaarperiodes wat begin op of na 1 Julie 2012.

- **IAS 12** Uitgestelde Belasting: Verhaling van onderliggende bates (Wysiging)

Die wysiging verduidelik die bepaling van uitgestelde belasting op beleggingseiendom gemeet teen billike waarde. Die wysiging stel 'n weerlegbare veronderstelling dat uitgestelde belasting op beleggingseiendom gemeet deur gebruik te maak van die billikewaardemodel in IAS 40 bepaal moet word op die basis dat sy drabedrag deur verkoop verhaal sal word. Hierbenewens stel dit die vereiste bekend dat uitgestelde belasting op nie-depresieerbare bates gemeet word deur gebruik te maak van die herwaardasiemodel in IAS 16 altyd gemeet word op 'n verkoopbasis van die bate. Die wysiging word effektief vir jaarperiodes wat begin op of na 1 Januarie 2012.

- **IAS 19** Werknemervoordele (Wysiging)

Die IASB het verskeie wysigings tot IAS 19 uitgereik. Dit wissel van fundamentele veranderinge soos die verwydering van die korridormeganisme en die konsep van die verwagte opbrengs op planbates tot eenvoudige opklaring en herbewoording. Die Groep is tans besig met die taksering van die volle uitwerking van die wysigings. Die wysiging word effektief vir jaarperiodes wat begin op of na 1 Januarie 2013.

- **IAS 27** Afsonderlike Finansiële State (Soos in 2011 hersien)

As 'n gevolg van die nuwe IFRS 10 en IFRS 12, wat oorbly van IAS 27 is beperk tot die verantwoording van filiale, gesamentlik beheerde entiteite, en geassosieerdes in die afsonderlike finansiële state. Die wysiging word effektief vir jaarperiodes wat begin op of na 1 Januarie 2013.

- **IAS 28** Belegging in Geassosieerdes en Gesamentlike Ondernemings (soos in 2011 hersien)

As gevolg van die nuwe IFRS 11 en IFRS 12 is IAS 28 hernoem as IAS 28 Beleggings in Geassosieerdes en Gesamentlike Ondernemings, en beskryf die toepassing van die ekwiteitsmetode vir beleggings in gesamentlike ondernemings bykomend tot geassosieerdes. Die wysiging word effektief vir jaarperiodes wat begin op of na 1 Januarie 2013.



## Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

method to investments in joint ventures in addition to associates. The amendment becomes effective for annual periods beginning on or after 1 January 2013.

- **IFRS 9** Financial Instruments Classification and Measurement

IFRS 9 as issued reflects the first phase of the IASB's work on the replacement of IAS 39 and applies to classification and measurement of financial assets and financial liabilities as defined in IAS 39. The standard is effective for annual periods beginning on or after 1 January 2015. In subsequent phases, the IASB will address hedge accounting and impairment of financial assets. The project is expected to be completed in 2012. The adoption of the first phase of IFRS 9 will have an effect on the classification and measurement of the Group's financial assets, but will potentially have no impact on classification and measurements of financial liabilities. The Group will quantify the effect in conjunction with the other phases, when issued, to present a comprehensive picture.

- **IFRS 10** Consolidated Financial Statements

IFRS 10 replaces the portion of IAS 27 Consolidated and Separate Financial Statements that addresses the accounting for consolidated financial statements. It also includes the issues raised in SIC-12 Consolidation — Special Purpose Entities. IFRS 10 establishes a single control model that applies to all entities including special purpose entities. The changes introduced by IFRS 10 will require management to exercise significant judgement to determine which entities are controlled, and therefore, are required to be consolidated by a parent, compared with the requirements that were in IAS 27. This standard becomes effective for annual periods beginning on or after 1 January 2013.

The Group is in the process of evaluating the impact on the financial statements.

- **IFRS 11** Joint Arrangements

IFRS 11 replaces IAS 31 Interests in Joint Ventures and SIC-13 Jointly-controlled Entities — Non-monetary Contributions by Venturers. IFRS 11 removes the option to account for jointly controlled entities (JCEs) using proportionate consolidation. Instead, JCEs that meet the definition of a joint venture must be accounted for using the equity method. The application of this new standard will impact the financial position of the Group. This is due to the cessation of proportionate consolidating the joint venture to equity accounting for this investment. This standard becomes effective for annual periods beginning on or after 1 January 2013.

The Group is in the process of evaluating the impact on the financial statements.

- **IFRS 12** Disclosure of Interest in Other Entities

IFRS 12 includes all of the disclosures that were previously in IAS 27 related to consolidated financial statements, as well as all of the disclosures that were previously included in IAS 31 and IAS 28. These disclosures relate to an entity's interests in subsidiaries, joint arrangements, associates and structured entities. A number of new disclosures are also

- **IFRS 9** Finansiële Instrumente Klassifikasie en Meting

IFRS 9 soos uitgereik weerspieël die eerste fase van die IASB se werk op die vervanging van IAS 39 en van toepassing op die klassifikasie en meting van finansiële bates en finansiële laste soos omskryf in IAS 39. Die standaard word effektief vir jaarperiodes wat begin op of na 1 Januarie 2015. In daaropvolgende fases sal die IASB verskansingsrekeningkunde en waardedaling van finansiële bates aanspreek. Die projek sal na verwagting in 2012 voltooi word. Die aanvaarding van die eerste fase van IFRS 9 sal 'n uitwerking op die klassifikasie en meting van die Groep se finansiële bates hê, maar moontlik geen impak op klassifikasie en meting van finansiële laste nie. Die Groep sal die uitwerking in samewerking met die ander fases kwantifiseer, wanneer uitgereik, om 'n omvattende beeld aan te bied.

- **IFRS 10** Gekonsolideerde Finansiële State

IFRS 10 vervang die gedeelte van IAS 27 Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State wat die rekeningkundige hantering van gekonsolideerde finansiële state aanspreek. Dit sluit ook die aangeleenthede aangespreek in SIC-12 Konsolidasie – Spesialedoelentiteite in. IFRS 10 vestig 'n enkele beheermodel wat van toepassing is op alle entiteite insluitende spesialedoelentiteite. Die veranderinge wat deur IFRS 10 gevestig word, sal van bestuur vereis om betekenisvolle oordeel te gebruik om te bepaal oor watter entiteite beheer uitgeoefen word, en gevolglik sal konsolidasie deur 'n houermaatskappy uitgeoefen moet word, in vergelyking met die vereistes wat in IAS 27 was. Hierdie standaard word effektief vir jaarperiodes wat begin op of na 1 Januarie 2013.

Die Groep is in die proses van evaluering van die impak op die finansiële state.

- **IFRS 11** Gesamentlike Reëlins

IFRS 11 vervang IAS 31 Belange in Gesamentlike Ondernemings en SIC-13 Gesamentlik Beheerde Entiteite - Nie-monetêre Bydraes deur Ondernemers. IFRS 11 verwyder die opsie om gesamentlik beheerde entiteite (GBE's) te boek te stel deur proporsionele konsolidasie te gebruik. In plaas daarvan moet GBE's wat voldoen aan die definisie van 'n gesamentlike onderneming te boek gestel word met gebruikmaking van die ekwiteitsmetode. Die toepassing van hierdie nuwe standaard sal 'n impak op die finansiële posisie van die Groep hê. Dit is as gevolg van die staking van die proporsionele konsolidasie van die gesamentlike onderneming tot ekwiteitsverantwoording vir hierdie belegging. Hierdie standaard word effektief vir jaarperiodes wat begin op of na 1 Januarie 2013.

Die Groep is in die proses van evaluering van die impak op die finansiële state.

- **IFRS 12** Openbaarmaking van Belange in Ander Entiteite

IFRS 12 sluit al die openbaarmakings in wat voorheen in IAS 27 was met betrekking tot gekonsolideerde finansiële state, sowel as al die openbaarmakings wat voorheen ingesluit is in IAS 31 en IAS 28. Hierdie openbaarmakings hou verband met 'n entiteit se belange in filiale, gesamentlike reëlins, geassosieerdes en gestruktureerde entiteite. 'n Aantal nuwe



# Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

required. This standard becomes effective for annual periods beginning on or after 1 January 2013.

The Group is in the process of evaluating the impact on the financial statements.

- **IFRS 13** Fair Value Measurement

IFRS 13 establishes a single source of guidance under IFRS for all fair value measurements. IFRS 13 does not change when an entity is required to use fair value, but rather provides guidance on how to measure fair value under IFRS when fair value is required or permitted. The Group is currently assessing the impact that this standard will have on the financial position and performance. This standard becomes effective for annual periods beginning on or after 1 January 2013.

- **IFRS 7** Disclosure – Offsetting Financial Assets and Financial Liabilities (amendments to IFRS 7)

Provides additional disclosures (similar to current US GAAP requirements).

- **IAS 32** Offsetting Financial Assets and Financial Liabilities (amendments to IAS 32)

The amendment clarifies the meaning of the entity currently having a legally enforceable right to set off financial assets and financial liabilities as well as the application of IAS 32 offsetting criteria to settlement systems (such as clearing houses).

- **IFRS 9** Mandatory effective date and transition disclosures (amendments to IFRS 9 and IFRS 7)

Mandatory effective date for IFRS 9 is 1 January 2015.

Amendments to IFRS 7 depend on when IFRS 9 is adopted and affect the extent of comparative information required to be disclosed.

- **Improvements to IFRS** (May 2012)

**IAS 1** – Presentation of Financial Statements

◊ Clarification of the requirements for comparative information (effective 1 January 2013)

**IAS 16** – Property, Plant and Equipment

◊ Classification of servicing equipment (effective 1 January 2013)

**IAS 32** – Financial Instruments: Presentation

◊ Tax effect of distribution to holders of equity instruments (effective 1 January 2013)

**IAS 34** – Interim Financial Reporting

◊ Interim financial reporting and segment information for total assets and liabilities (effective 1 January 2013)

openbaarmakings word ook vereis. Hierdie standaard word effektief vir jaarperiodes wat begin op of na 1 Januarie 2013.

Die Groep is in die proses van evaluering van die impak op die finansiële state.

- **IFRS 13** Billikewaardemeting

IFRS 13 vestig 'n enkele bron van riglyne onder IFRS vir alle billikewaardemetinge.

IFRS 13 verander nie wanneer 'n entiteit dit nodig ag om billike waarde te gebruik nie, maar verskaf eerder riglyne oor hoe om billike waarde onder IFRS te meet wanneer billike waarde vereis of toegelaat word. Die groep is in die proses van evaluering van die impak wat hierdie standaard sal hê op die finansiële posisie en prestasie. Hierdie standaard word effektief vir jaarperiodes wat begin op of na 1 Januarie 2013.

- **IFRS 7** Openbaarmaking - Verrekening van Finansiële Bates en Finansiële Laste (wysigings aan IFRS 7)

Voorsien bykomende openbaarmaking (soortgelyk aan huidige VS AARP-vereistes).

- **IAS 32** Verrekening van Finansiële Bates en Finansiële Laste (wysigings aan IAS 32)

Die wysiging verskaf duidelikheid oor die betekenis van die entiteit wat tans 'n wetlik afdwingbare reg het om finansiële bates en finansiële laste te verreken, sowel as die toepassing van IAS 32-verrekeningkriteria vir vereffeningstelsels (soos verrekeningshuise).

- **IFRS 9** Verpligte effektiewe datum en oorgangsoopenbaarmakings (wysigings aan IFRS 9 en IFRS 7)

Verpligte effektiewe datum vir IFRS 9 is 1 Januarie 2015.

Wysigings aan IFRS 7 hang af van wanneer IFRS 9 aanvaar word en beïnvloed die omvang van vergelykbare inligting wat openbaar gemaak moet word.

- **Verbeteringe aan IFRS** (Mei 2012)

**IAS 1** – Aanbieding van Finansiële State

◊ Verduideliking van die vereistes vir vergelykbare inligting (effektief 1 Januarie 2013)

**IAS 16** – Eiendom, Aanleg en Toerusting

◊ Klassifikasie van dienstoerusting (effektief 1 Januarie 2013)

**IAS 32** – Finansiële Instrumente: Aanbieding

◊ Belastinguitwerking van uitkering aan houers van ekwiteitsinstrumente (effektief 1 Januarie 2013)

**IAS 34** – Tussentydse Finansiële Verslagdoening

◊ Tussentydse finansiële verslagdoening en segmentinligting vir totale bates en laste (effektief 1 Januarie 2013)

## Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

### 2.3 Significant accounting judgements and estimates

The preparation of the Group's consolidated financial statements requires management to make judgements, estimates and assumptions that affect the reported amounts of revenues, expenses, assets and liabilities, and the disclosure of contingent liabilities, at the reporting date. However, uncertainty about these assumptions and estimates could result in outcomes that could require a material adjustment to the carrying amount of the asset or liability affected in the future.

#### Judgements

In the process of applying the Group's accounting policies, management has made judgements, which may have significant effects on the amounts recognised in the consolidated financial statements. Such judgements are disclosed in the relevant notes to the financial statements.

#### Estimates and assumptions

The key assumptions concerning the future and other key sources of estimation uncertainty at the reporting date that have a significant risk of causing a material adjustment to the carrying amounts of assets and liabilities within the next financial year are discussed below:

#### Property, plant and equipment

The carrying values of property, plant and equipment are based on management's estimates of the useful lives and residual values. These estimates are based on product life cycles and assessments by engineering and other specialist staff.

#### Impairment of non-financial assets

The Group assesses whether there are any indicators of impairment for all non-financial assets at each reporting date. Goodwill and other indefinite life intangibles are tested for impairment annually and at other times when such indicators exist. Other non-financial assets are tested for impairment when there are indicators that the carrying amounts may not be recoverable.

When value-in-use calculations are undertaken, management must estimate the expected future cash flows from the asset or cash-generating unit and choose a suitable discount rate in order to calculate the present value of those cash flows.

#### Share-based payments

The Group measures the cost of equity-settled transactions with employees by reference to the fair value of the equity instruments at the date at which they are granted. Estimating fair value requires determining the most appropriate valuation model for a grant of equity instruments, which is dependent on the terms and conditions of the grant. This also requires determining the most appropriate inputs to the valuation model and making assumptions about them.

### 2.3 Beduidende rekeningkundige oordeel en ramings

Die voorbereiding van die Groep se gekonsolideerde finansiële state vereis van bestuur om menings, skattings en aannames te maak wat die gerapporteerde bedrae van inkomste, uitgawes, bates en laste en die openbaarmaking van voorwaardelike aanspreeklikheid op die verslaggewingsdatum kan beïnvloed. Onsekerhede oor hierdie aannames en skattings kan egter 'n materiële aanpassing in die drawaardes van die geaffekteerde bate of las in die toekoms tot gevolg hê.

#### Oordeel

Met die toepassing van die Groep se rekeningkundige beleid het bestuur sekere beoordelings gemaak wat 'n beduidende uitwerking kan hê op die bedrae wat in die gekonsolideerde finansiële state erken word. Sulke beoordelings word in die toepaslike aantekeninge tot die finansiële state geopenbaar.

#### Ramings en aannames

Die belangrikste aannames wat die toekoms betref en ander belangrike bronne van ramingsonsekerheid op die verslag-doeningsdatum wat 'n betekenisvolle risiko inhou dat dit in die volgende finansiële jaar wesenlike aanpassing van die drawaardes van bates en laste kan veroorsaak, word hieronder bespreek:

#### Eiendom, aanleg en toerusting

Die drawaarde van eiendom, aanleg en toerusting word gebaseer op bestuur se ramings van die bruikbare lewe en reswaardes. Sulke ramings is afhanklik van produklewensiklusse en van evaluering deur ingenieurs – en ander spesialispersoneel.

#### Waardedaling van nie-finansiële bates

Die Groep bepaal met elke verslaggewingsdatum of daar enige tekens van waardedaling ten opsigte van enige nie-finansiële bates is. Klandisiewaarde en ander onbepaalbare-lewensduur ontasbare bates word jaarliks en op ander tye wanneer daar aanwysers is, getoets vir waardedaling. Ander nie-finansiële bates word vir waardedaling getoets wanneer daar tekens is dat die drawaardes nie verhaalbaar mag wees nie.

Wanneer waarde-in-gebruik-berekeninge gedoen word, moet bestuur die verwagte toekomstige kontantvloei van die bate of kontantgenererende eenheid bepaal en 'n gepaste koers van verdiskontering beraam om die huidige waarde van die kontantvloei te bereken.

#### Aandeelgebaseerde betalings

Die Groep meet die koste van ekwiteitvereffende transaksies met werknemers met verwysing na die billike waarde van die ekwiteitinstrumente op die datum wat hulle toegestaan is. Om billike waarde te skat, vereis dat die mees gepaste waardasiemodel vir die toestaan van ekwiteit bepaal word, wat afhang van die bepalinge en voorwaardes daarvan. Dit vereis ook dat die mees gepaste insette tot die waardasiemodel bepaal moet word en dat aannames daarvoor gemaak word.

# Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

## Cash-settled transactions

The cost of cash-settled transactions is measured initially at fair value at the grant date using a modified version of the Hull-White Trinomial Lattice model, taking into account the terms and conditions upon which the instruments were granted. This fair value is expensed over the period until vesting with recognition of a corresponding liability. The liability is remeasured at each reporting date up to and including the settlement date with changes in fair value recognised in profit or loss.

## Deferred tax assets

Deferred tax assets are recognised for all unused tax losses to the extent that it is probable that taxable profit will be available against which the losses can be utilised. Significant management judgement is required to determine the amount of deferred tax assets that can be recognised, based on the likely timing and level of future taxable profits together with future tax planning strategies.

## Income tax expense

Taxes are a matter of interpretation and subject to changes. The Group makes use of tax experts to advise on all tax matters. Estimations of normal company tax and CGT are based on the advice and management's interpretation thereof.

## Long service bonus provision and defined benefit-pension plan

The cost of the long service bonus provision and defined-benefit pension plan is determined using actuarial valuations. The actuarial valuation involves making assumptions about discount rates, expected rates of return on assets, future salary increases, mortality rates and future pension increases. Due to the long-term nature of these plans, such estimates are subject to significant uncertainty.

## 2.4 Summary of significant accounting policies

### (a) Financial instruments

A financial instrument is any contract that gives rise to a financial asset of one entity and a financial liability or equity instrument of another entity. Financial assets include, in particular, cash and cash equivalents, trade receivables and other originated loans and receivables as well as derivative and non-derivative financial assets held for trading. Financial liabilities generally substantiate claims for repayment in cash or another financial asset. In particular, this includes interest-bearing loans and borrowings, trade payables, liabilities to banks, finance lease payables and derivative financial liabilities.

#### Measurement

Shares in the Company held by the Group are classified as treasury shares. On consolidation, these shares are treated as a deduction from the issued number of shares and the cost price of the shares is deducted from share capital and share premium in the statement of financial position. No gain or loss is recognised in the statement of comprehensive income on the purchase, sale, issue or cancellation of the Group's own equity instruments. Dividends received on treasury shares are eliminated on consolidation.

## (l) Provisions

Provisions are recognised when the Group has a present obligation (legal or constructive) as a result of a past event and it is probable that an outflow of resources embodying economic benefits will be required to settle the obligation and a reliable estimate can be made of the amount of the obligation.

## (m) Retirement benefits

It is the policy of the Group to provide for pension liabilities by payments to separate funds, independent of the Group, and contributions are recognised in profit or loss. Surpluses are not accounted for, as they accrue to members of the fund.

### *Defined benefit fund*

The Group's net obligation in respect of defined benefit pension plans is calculated separately for each plan by estimating the amount of future benefit that employees have earned in return for their service in the current and previous periods. That benefit is discounted to determine its present value and the fair value of any plan assets is deducted. Actuarial valuations are done on the projected unit credit actuarial valuation method. When the benefits of a plan are improved, the portion of the increased benefit relating to past service by employees is recognised as an expense in the profit or loss on a straight-line basis

van die bate vermeerder tot die verhaalbare bedrag. Die verhoogde bedrag kan nie die drabedrag oorskry wat bepaal sou gewees het, na aftrekking van depresiasië, indien geen waardedaling van die bate in vorige jare erken is nie. Sodanige terugskrywings word in wins of verlies erken. Na so 'n terugskrywing word die depresiasiëskoste in toekomstige periodes aangepas om die bate se hersiene drabedrag, min enige reswaarde, sistematies oor die oorblywende nuttige lewensduur van die bate toe te pas.

## (j) Aflosbare kumulatiewe voorkeuraandeel

Die komponent van die kumulatiewe voorkeuraandeel wat kenmerke van 'n las toon, word as 'n las in die staat van finansiële posisie erken. Die ooreenstemmende dividende op hierdie aandeel word as 'n rente-uitgawe in wins of verlies verreken. By uitreiking van die kumulatiewe voorkeuraandeel word die billike waarde van die laskomponent met behulp van koste van kapitaal bepaal, en hierdie bedrag word as 'n langtermynlas op die geamortiseerde kostebasis gedra totdat dit by omskepping of aflossing uitgewis word.

Die oorblywende bedrag na aftrekking van die skuldcomponent word erken en is ingesluit in aandeelhouersekewiteit netto van transaksiekoste. Die drabedrag van die ekwiteitscomponent word nie weer in daaropvolgende jare hermeet nie.

Transaksiekoste word toegedeel tussen die laste- en ekwiteitskomponente van die omskepbare voorkeuraandeel, gegrond op die toewysing van opbrengste tot die laste- en ekwiteitskomponente wanneer die instrumente aanvanklik erken word.

## (k) Tesourie-aandeel

Aandeel in die Maatskappy wat deur die Groep gehou word, word as tesourie-aandeel geklassifiseer. By konsolidasie word hierdie aandeel as 'n aftrekking van die aantal uitgereikte aandeel beskou en die kosprys van die aandeel word afgetrek van die aandeelkapitaal en aandeelpremie in die staat van finansiële posisie. Geen wins of verlies word erken in die staat van omvattende inkomste by die aankoop, verkoop, uitreiking of kansellasie van die Groep se eie ekwiteitsinstrumente nie. Dividende ontvang op tesourie-aandeel word by konsolidasie uitgeskakel.

## (l) Voorsienings

'n Voorsiening word erken wanneer die Groep 'n huidige verpligting het (regs of konstruktief) as gevolg van 'n gebeurtenis in die verlede, wat waarskynlik 'n uitvloeï van ekonomiese hulpbronne sal veroorsaak om die verpligting te vereffen, en indien 'n betroubare raming gemaak kan word van die bedrag wat nodig is om die verpligting af te los.

## (m) Aftreevoordele

Dit is die Groep se beleid om vir pensioenverpligtinge te voorsien deur betalings te maak aan afsonderlike fondse wat onafhanklik van die Groep staan en bydraes word in wins of verlies verreken. Surplusse word nie te boek gestel nie, aangesien dit aan die lede van die fonds toeval.

# Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

over the average period until the benefits become vested. To the extent that the benefits vest immediately, the expense is recognised immediately in profit or loss.

The defined benefit asset or liability comprises the present value of the defined benefit obligation, less unrecognised past service costs and less the fair value of plan assets out of which the obligations are to be settled. Plan assets are assets that are held by a long-term employee benefit fund or qualifying insurance policies. Plan assets are not available to the creditors of the Group, nor can they be paid directly to the Group. Fair value is based on market price information and, in the case of quoted securities, it is the published bid price. The value of any defined benefit asset recognised is restricted to the sum of any unrecognised past service costs and the present value of any economic benefits available in the form of refunds from the plan or reductions in the future contributions to the plan.

## *Defined contribution funds*

Obligations for contributions to defined contribution pension and provident plans are recognised as an expense in profit or loss as incurred.

## *Medical aid*

The obligation in respect of post-retirement health care is the sole responsibility of the retired employee. Therefore there is no Group obligation or liability in this regard.

## **(n) Revenue recognition**

Revenue is recognised to the extent that it is probable that the economic benefits will flow to the Group and the revenue can be reliably measured. Revenue is measured at the fair value of the consideration received, taking into account confidential discounts; distribution, sales and marketing services rendered; contract manufacturing; and rental income. The following specific recognition criteria must also be met before revenue is recognised:

### *Sales of products*

Invoiced product sales are recognised as turnover, excluding value-added taxation.

Revenue is recognised when the significant risks and rewards of ownership of the goods have passed to the buyer. Revenue comprises invoiced gross sales of products, less discounts and provisions for product claims.

### *Services rendered*

Revenue from the rendering of services is recognised at the stage of completion of the service.

### *Finance income*

Revenue is recognised as interest accrues (using the effective interest rate – that is the rate that exactly discounts estimated future cash receipts through the expected life of the financial instrument to the net carrying amount of the financial asset). The Group deposits

## *Omskrewewoordeledefonds*

Die Groep se verpligting ten opsigte van omskrewewoordeledepensioenskemas word afsonderlik vir elke plan bereken deur ramings te maak van die waarde van die toekomstige voordeel wat werknemers in die huidige en vorige tydperke vir hulle dienste verdien het. Hierdie voordeel word verdiskonteer om die huidige waarde te bepaal en die billike waarde van enige bates in die plan word afgetrek. Die aktuariële geprojekteerde eenheidskrediet-metode word vir aktuariële waardasies gebruik. Wanneer die voordele van 'n plan verbeter word, word die deel van die groter voordeel wat verband hou met diens deur werknemers in die verlede as 'n uitgawe in wins of verlies erken op 'n reguitlyn-basis oor die gemiddelde tydperk verreken totdat die voordele gevestig raak. Tot die mate dat die voordele onmiddellik vestig, word die uitgawe onmiddellik in wins of verlies erken.

Die omskrewewoordeel-bate of -las bestaan uit die huidige waarde van die omskrewewoordeel-verpligting, minus onerkende verstreke dienskosse en minus die billike waarde van planbates waaruit die verpligtinge vereffen moet word. Planbates is bates wat gehou word deur 'n langtermynwerknemervoordeelfonds of kwalifiserende versekeringspolis. Bates in die plan is nie beskikbaar vir skuldeisers van die Groep nie, nóg kan dit direk aan die Groep betaal word. Billike waarde is gebaseer op markprysinligting en, in die geval van genoteerde effekte, is dit die gepubliseerde bodprys. Die waarde van enige omskrewewoordeel-bate erken, word beperk tot die totaal van enige onerkende verstreke dienskosse en die huidige waarde van enige ekonomiese voordele wat beskikbaar is in die vorm van terugbetalings uit die plan of verlaging in die toekomstige bydraes tot die plan.

## *Omskrewewydraefondse*

Verpligtinge vir bydraes aan omskrewewydraepensioen- en voorsorgskemas word as 'n uitgawe erken in wins of verlies soos dit aangegaan word.

## *Mediese fonds*

Die verpligting vir gesondheidsorg na aftrede is die uitsluitlike verantwoordelikheid van die afgetrede werknemer. Die Groep het gevolglik geen verpligting of aanspreeklikheid in hierdie verband nie.

## **(n) Erkenning van inkomste**

Inkomste word erken tot die mate dat dit waarskynlik is dat die ekonomiese voordele na die Groep sal vloei en dat die inkomste betroubaar gemeet kan word. Inkomste word teen billike waarde gemeet, na inagneming van vertroulike afslag; distribusie, verkope en bemarkingsdienste gelewer; kontrakvervaardiging en huurinkomste. Daar moet ook aan die volgende spesifieke erkenningskriteria voldoen word voordat inkomste erken word:

### *Verkoop van produkte*

Gefaktureerde produkverkope word erken as omset, uitgesluit belasting op toegevoegde waarde.

## Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

surplus funds at financial institutions and does not act as a supplier of finance to third parties. Interest received is recognised as finance income.

### *Dividends received*

Dividends are recognised when the right to receive payment is established.

### *Rental income*

Rental income from investment property is recognised in profit or loss on a straight-line basis over the term of the lease. Lease incentives granted are recognised as an integral part of the rental income. The rental of properties does not form part of the core business of the Group. Income in this regard is recognised as other operating income.

### (o) Cost of sales

Cost of sales consists of the following:

- Cost of raw milk, ingredients and packaging.
- Milk collection cost.
- Manufacturing direct and indirect costs.
- Primary distribution costs.
- Charges against sales.

### (p) Finance costs

Finance costs are recognised as an expense when incurred.

### (q) Taxes

#### *Current taxation*

Current taxation assets and liabilities for the current and previous periods are measured at the amount expected to be recovered from or paid to the taxation authorities. The taxation rates and taxation laws used to compute the amount are those that are enacted or substantively enacted by the reporting date.

Current income tax relating to items recognised directly in equity is recognised in equity and not in the income statement. Management periodically evaluates positions taken in the tax returns with respect to situations in which applicable tax regulations are subject to interpretation and establishes provisions where appropriate.

Inkomste word erken wanneer die beduidende regte en verpligtinge van eienaarskap van die goedere na die koper oorgaan. Inkomste sluit gefaktureerde bruto verkope van produkte min afslag en voorsienings vir produkteise in.

### *Dienste gelewer*

Inkomste vir dienste gelewer word erken op stadium van voltooiing van die diens.

### *Finansieringsinkomste*

Inkomste word erken soos rente toeval (die effektiewe rentekoers word gebruik – dit is die koers wat die toekomstige beraamde kontantontvangstes presies verdiskonteer deur die verwagte lewe van die finansiële instrument, na die netto drawaarde van die finansiële bate). Die Groep deponeer surplusfondse by finansiële instellings en tree nie as 'n verskaffer van finansiering aan derde partye op nie. Rente-inkomste word as finansieringsinkomste erken.

### *Dividende ontvang*

Dividende word erken wanneer die reg om betaling te ontvang, gevestig is.

### *Huurinkomste*

Huurinkomste uit beleggingseiendom word in wins of verlies erken op 'n reguitlyn-basis oor die termyn van die huurkontrak. Huuraansporings wat toegestaan word, word as 'n geïntegreerde deel van die huurinkomste erken. Die huurinkomste op eiendomme maak nie deel uit van die Groep se kernbesigheid nie. Inkomste in hierdie verband word as ander bedryfsinkomste erken.

### (o) Koste van verkope

Bestaan uit die volgende:

- Koste van rou melk, bestanddele en verpakking.
- Melkwinningskoste.
- Direkte- en indirekte produksiekoste.
- Primêre verspreidingskoste.
- Verhalings teen verkope.

### (p) Finansieringskoste

Finansieringskoste word as 'n uitgawe erken wanneer dit aangegaan word.

### (q) Belasting

#### *Lopende belasting*

Lopende belastingbates en -laste vir die huidige en vorige tydperke word gemeet aan die bedrag wat na verwagting van die belastingowerheid verhaal of aan die owerheid betaal sal word. Die belastingkoerse en -wette wat vir die berekening van die bedrag gebruik word, is dié wat bepaal of wesentlik bepaal word op die verslagdoeningsdatum.

Huidige inkomstebelasting met betrekking tot items wat direk in ekwiteit erken word, word in ekwiteit erken en nie in die inkomstestaat nie. Bestuur evalueer periodiek standpunte geneem in die belastingopgawes ten opsigte van gevalle waar die toepaslike belastingregulasies onderworpe is aan interpretasie en skep voorsienings, waar toepaslik.

# Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

## Deferred taxation

Deferred tax is provided using the liability method on temporary differences between the tax bases of assets and liabilities and their carrying amounts for financial reporting purposes at the reporting date.

Deferred tax liabilities are recognised for all taxable temporary differences, except:

- When the deferred tax liability arises from the initial recognition of goodwill or an asset or liability in a transaction that is not a business combination and, at the time of the transaction, affects neither the accounting profit nor taxable profit or loss.
- In respect of taxable temporary differences associated with investments in subsidiaries, associates and interests in joint ventures, when the timing of the reversal of the temporary differences can be controlled and it is probable that the temporary differences will not reverse in the foreseeable future.

Deferred tax assets are recognised for all deductible temporary differences, the carry forward of unused tax credits and any unused tax losses. Deferred tax assets are recognised to the extent that it is probable that taxable profit will be available against which the deductible temporary differences, and the carry forward of unused tax credits and unused tax losses can be utilised, except:

- When the deferred tax asset relating to the deductible temporary difference arises from the initial recognition of an asset or liability in a transaction that is not a business combination and, at the time of the transaction, affects neither the accounting profit nor taxable profit or loss.
- In respect of deductible temporary differences associated with investments in subsidiaries, associates and interests in joint ventures, deferred tax assets are recognised only to the extent that it is probable that the temporary differences will reverse in the foreseeable future and taxable profit will be available against which the temporary differences can be utilised.

Tax benefits acquired as part of a business combination, but not satisfying the criteria for separate recognition at that date, would be recognised subsequently if new information about facts and circumstances changed. The adjustment would either be treated as a reduction to goodwill (as long as it does not exceed goodwill) if it was incurred during the measurement period or in profit or loss.

The carrying amount of deferred tax assets is reviewed at each reporting date and reduced to the extent that it is no longer probable that sufficient taxable profit will be available to allow all or part of the deferred tax asset to be utilised. Unrecognised deferred tax assets are reassessed at each reporting date and are recognised to the extent that it has become probable that future taxable profit will allow the deferred tax asset to be recovered.

Deferred tax assets and deferred tax liabilities are offset if a legally enforceable right exists to set off current tax assets against current tax liabilities and the deferred taxes relate to

## Uitgestelde belasting

Uitgestelde belasting word voorsien volgens die aanspreeklikheidsmetode op tydelike verskille tussen die belastingbasisse van bates en laste en hul drabedrae vir doeleindes van finansiële verslagdoening op die verslagdoeningsdatum.

Uitgestelde belastingaanspreeklikheid word erken vir alle belasbare tydelike verskille, behalwe:

- Wanneer die uitgestelde belastingaanspreeklikheid ontstaan uit die aanvanklike erkenning van klandisiewaarde of 'n bate of las in 'n transaksie wat nie 'n besigheidkombinasie is nie, en tydens die transaksie nie die rekeningkundige- of belasbare wins of verlies beïnvloed nie
- Ten opsigte van belasbare tydelike verskille wat verband hou met beleggings in filiale, geassosieerdes en belange in gesamentlike ondernemings, wanneer die tydsberekening van die omswaai van die tydelike verskille beheer kan word en dit waarskynlik is dat die tydelike verskille nie in die afsienbare toekoms sal omswaai nie.

Uitgestelde belastingbates word erken vir alle aftrekbare tydelike verskille, die oordrag van onbenutte belastingkrediete en enige ongebruikte belastingverliese. Uitgestelde belastingbates word erken tot die mate dat dit waarskynlik is dat belasbare wins beskikbaar sal wees wat die aftrekbare tydelike verskille, en die oordrag van onbenutte belastingkrediete en onbenutte belastingverliese aangewend kan word nie, behalwe:

- Wanneer die uitgestelde belastingbate met betrekking tot die aftrekbare tydelike verskil ontstaan uit die aanvanklike erkenning van 'n bate of las in 'n transaksie wat nie 'n besigheidkombinasie is nie, en tydens die transaksie nie die rekeningkundige- of belasbare wins of verlies beïnvloed nie
- Ten opsigte van aftrekbare tydelike verskille wat verband hou met beleggings in filiale, geassosieerdes en belange in gesamentlike ondernemings, word uitgestelde belastingbates slegs erken tot die mate dat dit waarskynlik is dat die tydelike verskille sal omswaai in die afsienbare toekoms en belasbare wins beskikbaar sal wees waarteen die tydelike verskille aangewend kan word.

Belastingvoordele wat as deel van 'n besigheidkombinasie verkry is, maar nie aan die kriteria vir die afsonderlike erkenning op daardie datum voldoen nie, sal daarna erken word indien nuwe inligting oor die feite en omstandighede verander. Die wysiging sal behandel word as 'n vermindering van klandisiewaarde (indien dit nie meer is as klandisiewaarde nie) indien dit aangegaan is tydens die metingstydperk of in wins of verlies.

Die drawaarde van uitgestelde belastingbates word verreken op elke verslagdoeningsdatum en verminder tot die mate dat dit nie meer waarskynlik is dat voldoende belasbare inkomste beskikbaar sal wees om al die, of 'n gedeelte van, die uitgestelde belastingbate te benut nie. Onterkende uitgestelde belastingbates word heroorweeg op elke verslagdoeningsdatum en word erken tot die mate dat dit waarskynlik raak dat toekomstige belasbare inkomste voldoende sal wees om die uitgestelde belastingbate te benut.



## Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

the same taxable entity and the same taxation authority. Deferred tax is based on current rates of taxation. IFRS requires the tax rates that are expected to apply in the year when the asset is realised or the liability is settled, based on taxation rates and taxation laws that have been enacted or substantively enacted at the reporting date, to be applied.

### *Value-added taxation (VAT)*

Revenues, expenses, assets and liabilities are recognised net of the amount of VAT, except:

- where the VAT incurred on a purchase of assets or services is not recoverable from the taxation authority, in which case the VAT is recognised as part of the cost of acquisition of the asset or as part of the expense item as applicable; and
- receivables and payables that are stated with the amount of VAT included.

The net amount of VAT recoverable from or payable to the taxation authority is included as part of receivables or payables in the statement of financial position.

### *Secondary taxation on companies (STC)*

STC is recognised if one of the following events occurs:

- Dividends are declared whether regular or preferences; or
- Events have occurred which result in a deemed dividend.

STC is calculated at the prescribed legislated rate and the expense is reflected as part of the taxation expense in profit or loss.

### **(r) Segment reporting**

The operating segments are based on the Group's management and internal reporting structure. Inter-segment pricing is determined on an arm's length basis. Segment results, assets and liabilities include items directly attributable to a segment as well as those that can be allocated on a reasonable basis.

### **(s) Share-based compensation**

The Group operates an equity-settled, as well as a cash-settled share-based compensation plan.

#### *Equity-settled share-based compensation plan*

The cost of equity-settled transactions is recognised, together with a corresponding increase in other capital reserves in equity, over the period in which the performance and/or service conditions are fulfilled. The cumulative expense recognised for equity-settled transactions at each reporting date until the vesting date reflects the extent to which the vesting period has expired and the Group's best estimate of the number of equity instruments that will ultimately vest. The income statement expense or credit for a period represents the movement in cumulative expense recognised as at the beginning and end of that period and is recognised in employee benefits expense.

Uitgestelde belastingbates en uitgestelde belastinglaste word verreken indien 'n regsgeldige afdwingbare reg bestaan om lopende belastingbates teen lopende belastingverplichtinge te verreken en die uitgestelde belasting hou verband met dieselfde belastingentiteit en dieselfde belastingowerheid. Uitgestelde belasting is gegrond op heersende belastingkoerse. IFRS bepaal dat die belastingkoerse wat na verwagting sal geld in die jaar waarin die bate gerealiseer of die las afgelos word, gegrond op die belastingkoerse en belastingwette wat op die verslagdoeningsdatum geld of sulke koerse en/of toekomstige wetswysigings wat reeds bekend is en na alle waarskynlikheid geïmplementeer sal word, toegepas word.

### *Belasting op toegevoegde waarde (BTW)*

Inkomste, uitgawes, bates en laste word erken netto van die BTW bedrag, behalwe:

- waar die BTW op die aankoop van bates of dienste aangegaan nie van die belastingowerheid verhaalbaar is nie, word die BTW erken as deel van die aankoopkoste van die bate of as deel van die uitgawe-item, soos toepaslik; en
- rekeninge ontvangbaar en betaalbaar wat aangedui word met die BTW-bedrag ingesluit.

Die netto bedrag BTW verhaalbaar van of betaalbaar aan die belastingowerheid is ingesluit as deel van rekeninge ontvangbaar of betaalbaar in die staat van finansiële posisie.

### *Sekondêre belasting op maatskappye (SBM)*

SBM word erken wanneer een van die onderstaande gebeurtenisse ontstaan:

- Gewone – of voorkeurdividende verklaar is; of
- Gebeurtenisse plaasvind wat 'n geagte dividend tot gevolg het.

SBM word bereken teen die koers wat vasgestel is deur die belastingowerheid en die uitgawe word as deel van die belastinguitgawe in wins of verlies erken.

### **(r) Segmentverslagdoening**

Die bedryfsegmente is gebaseer op die Groep se bestuur en interne verslagdoeningstruktuur. Intersegmentele pryse word op 'n armlengte-basis bepaal. Segmentresultate, bates en laste sluit items in wat regstreeks aan 'n segment toegewys kan word asook die wat op 'n redelike basis toegewys kan word.

### **(s) Aandeelgebaseerde vergoeding**

Die Groep bedryf 'n ekwiteitsvereffende, sowel as 'n kontantvereffende aandeelgebaseerde vergoedingsplan.

#### *Ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde vergoedingsplan*

Die koste van ekwiteitsvereffende transaksies word erken, tesame met 'n ooreenstemmende styging in ander kapitaalreserwes in ekwiteit, oor die tydperk waarin die prestasie en/of diensvoorwaardes nagekom word. Die kumulatiewe uitgawe erken vir ekwiteitsvereffende transaksies op elke verslagdoeningsdatum tot die vestigingsdatum weerspieël die mate waartoe die vestigingstydperk verstryk het en die Groep se beste raming van die getal ekwiteitsinstrumente wat uiteindelik sal vestig. Die inkomtestaatuitgawe of -krediet vir 'n tydperk verteenwoordig die beweging in kumulatiewe uitgawe erken soos aan die begin en einde van daardie tydperk en word in werknemervoordelekeste erken.



## Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

No expense is recognised for awards that do not ultimately vest, except for equity-settled transactions for which vesting is conditional upon a market or non-vesting condition. These are treated as vesting irrespective of whether or not the market or non-vesting condition is satisfied, provided that all other performance and/or service conditions are satisfied.

When the terms of an equity-settled transaction award are modified, the minimum expense recognised is the expense as if the terms had not been modified, if the original terms of the award are met. An additional expense is recognised for any modification that increases the total fair value of the share-based payment transaction, or is otherwise beneficial to the employee as measured at the date of modification.

When an equity-settled award is cancelled, it is treated as if it vested on the date of cancellation, and any expense not yet recognised for the award is recognised immediately. This includes any award where non-vesting conditions within the control of either the entity or the employee are not met. However, if a new award is substituted for the cancelled award, and designated as a replacement award on the date that it is granted, the cancelled and new awards are treated as if they were a modification of the original award, as described in the previous paragraph. The dilutive effect of outstanding options is reflected as additional share dilution in the computation of diluted earnings per share.

### *Cash-settled share-based compensation plan*

The cost of a cash-settled transaction is measured initially at fair value at the grant date using a modified version of the Hull-White Trinominal Lattice model taking into account the terms and conditions upon which the instruments were granted. This fair value is expensed over the period until vesting with recognition of a corresponding liability. The liability is remeasured at each reporting date up to and including the settlement date with changes in fair value recognised in profit or loss.

### **(t) Borrowing costs**

Borrowing costs directly attributable to the acquisition, construction or production of an asset that necessarily takes a substantial period of time to get ready for its intended use or sale are capitalised as part of the cost of the respective assets. All other borrowing costs are expensed in the period they incur. Borrowing costs consist of interest and other costs that an entity incurs in connection with the borrowing of funds. The Group capitalised borrowing costs for all eligible assets where construction was commenced on or after 1 July 2009.

### **(u) Comparative figures**

Where account balances were adjusted for the purpose of improved disclosure, the comparative figures have been restated accordingly.

Geen uitgawes word erken vir toekennings wat nie uiteindelik vestig nie, behalwe vir ekwiteitsvereffende transaksies waarvoor vestiging afhanklik is van 'n mark- of nie-vestigende toestand. Dit word behandel as die vestigingstydperk ongeag daarvan of die mark- of nie-vestigende toestand nagekom is, met dien verstande dat alle ander prestasie- en/of diensvoorwaardes nagekom is.

Wanneer die bepalings van 'n ekwiteitsvereffende transaksietoekenning gewysig word, is die minimum uitgawe erken die uitgawe asof die bepalings nie verander het nie, indien die oorspronklike voorwaardes van die toekenning nagekom word. 'n Bykomende uitgawe word erken vir enige wysiging wat die totale billike waarde van die ekwiteitsgebaseerde betalingstransaksie verhoog, of andersins voordelig is vir die werknemer soos gemeet op die datum van die wysiging.

Wanneer 'n ekwiteitsvereffende toekenning gekanselleer word, word dit hanteer asof dit gevestig het op die kanselleringsdatum, en enige uitgawe wat nog nie vir die toekenning erken is nie, word onmiddellik erken. Dit sluit in enige toekenning waar nie-vestigende toestande binne die beheer van óf die entiteit óf die werknemer nie nagekom word nie. Indien 'n nuwe toekenning egter die gekanselleerde toekenning vervang, en aangewys word as 'n plaasvervanger-toekenning op die datum waarop dit toegestaan word, word die gekanselleerde en nuwe toekennings behandel asof hulle 'n wysiging van die oorspronklike toekenning was, soos beskryf in die vorige paragraaf. Die verwateringseffek van uitstaande opsies word as bykomende aandeelverwatering in die berekening van verwaterde verdienste per aandeel weerspieël.

### *Kontantvereffende aandeelgebaseerde vergoedingsplan*

Die koste van kontantvereffende transaksies word aanvanklik op die kennisgewingdatum teen billike waarde gemeet deur gebruikmaking van 'n aangepaste weergawe van die Hull-White Trinominal Lattice model, inagnemend die terme en voorwaardes waarop die instrumente toegeken is. Die billike waarde word afgeskryf oor die periode tot en met vestiging met erkenning van die ooreenkomstige las. Die las word op elke verslagdoeningsdatum hermeet tot en met die vereffeningsdatum, met veranderinge in billike waarde in wins of verlies erken.

### **(t) Leenkoste**

Leningskoste wat regstreeks toegewys word aan die aankoop, konstruksie of produksie van 'n bate wat noodwendig 'n aansienlike tyd neem voordat dit gereed is vir gebruik of verkoop, word as deel van die koste van die onderskeie bates gekapitaliseer. Alle ander leningskoste word afgeskryf in die tydperk waarin hulle aangegaan word. Leningskoste bestaan uit rente en ander kostes wat 'n onderneming aangaan ten opsigte van die leen van fondse. Die Groep het leningskoste vir alle toepaslike bates gekapitaliseer indien daar op of voor 1 Julie 2009 met konstruksie begin is.

### **(u) Vergelykende syfers**

Waar rekeningsaldo's aangepas is om verbeterde openbaarmaking daar te stel, word die vergelykende syfers dienoreenkomstig hersaamgestel.

## Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

### 3 Definitions

#### 3.1 Dividend per ordinary share

Dividend paid to ordinary shareholders, divided by the weighted average number of ordinary shares in issue at the end of the year.

#### 3.2 Equity dividend per preference share

Ordinary dividend paid to preference shareholders, divided by the weighted average number of preference shares in issue at the end of the year.

##### Preference dividend recognised as interest per preference share

Preference dividend paid, divided by the weighted average number of preference shares in issue at the end of the year.

#### 3.3 Earnings and diluted earnings per share

##### Earnings per ordinary share

Profit attributable to ordinary shareholders, based on ordinary dividend rights, divided by the weighted average number of ordinary shares net of the weighted average number of treasury shares in issue at the end of the year.

##### Diluted earnings per ordinary share

Profit attributable to ordinary shareholders, based on ordinary dividend rights, divided by the weighted average number of ordinary shares, adjusted for options issued, net of the weighted average number of treasury shares at the end of the year, adjusted for options issued.

#### 3.4 Net assets

Total assets less total liabilities.

#### 3.5 Cash flow

Cash flow from operating activities.

#### 3.6 Cash flow per share

Cash flow divided by the weighted average number of ordinary shares in issue at the end of the year.

#### 3.7 Net asset turnover

Revenue divided by average net assets less average cash on hand.

#### 3.8 Return on net assets

Operating profit as a percentage of average assets less average current liabilities excluding current interest-bearing loans and borrowings.

### 3. Definisies

#### 3.1 Dividend per gewone aandeel

Dividend betaal aan gewone aandeelhouders, gedeel deur die geweege gemiddelde aantal gewone aandele uitgereik aan die einde van die jaar.

#### 3.2 Ekwiteitsdividend per voorkeuraandeel

Gewone dividend betaal aan voorkeuraandeelhouders, gedeel deur die geweege gemiddelde aantal voorkeuraandele uitgereik aan die einde van die jaar.

##### Voorkeurdividend as rente erken per voorkeuraandeel

Voorkeurdividend betaal, gedeel deur die geweege gemiddelde aantal voorkeuraandele uitgereik aan die einde van die jaar.

#### 3.3 Verdienste en verwaterde verdienste per aandeel

##### Verdienste per gewone aandeel

Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouders, gebaseer op gewone dividendregte, gedeel deur die geweege gemiddelde aantal gewone aandele netto van die geweege gemiddelde tesourie-aandele uitgereik aan die einde van die jaar.

##### Verwaterde verdienste per gewone aandeel

Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouders, gebaseer op gewone dividendregte, gedeel deur die geweege gemiddelde aantal gewone aandele, aangepas vir opsies uitgereik, netto van die geweege gemiddelde tesourie-aandele aan die einde van die jaar, aangepas vir uitgereikte opsies.

#### 3.4 Netto bates

Totale bates min totale laste.

#### 3.5 Kontantvloei

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite.

#### 3.6 Kontantvloei per aandeel

Kontantvloei gedeel deur die geweege gemiddelde aantal gewone aandele uitgereik aan die einde van die jaar.

#### 3.7 Netto bate-omset

Inkomste gedeel deur gemiddelde netto bates min gemiddelde kontant voorhande.

#### 3.8 Opbrengs op netto bates

Bedryfswins as 'n persentasie van gemiddelde bates, minus gemiddelde bedryfslaste uitgesluit lopende rentedraende lenings en verpligtinge.

## Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

### 3.9 Return on shareholders' funds

Profit attributable to shareholders as a percentage of average shareholders' funds, before minority interest.

### 3.10 Gearing percentage

Interest-bearing loans and borrowings reduced by cash funds, as a percentage of total shareholders' interest, including minority interest.

### 3.11 Current ratio

Current assets divided by current liabilities.

### 3.12 Activities pertaining to cash flow

#### Operating activities

All transactions and other events that are not investing or financing activities.

#### Financing activities

Activities that result in changes in the size and composition of the capital structures of the Group. This includes both the equity and debt not falling within the definition of cash and cash equivalents.

#### Investing activities

Activities relating to the acquisition, holding and disposal of long-term assets.

### 3.13 Cash and cash equivalents

Cash on hand and in current bank accounts.

### 3.14 Restructuring cost

Restructuring cost consists of costs incurred in order to streamline processes of the Group.

### 3.9 Opbrengs op aandeelhoudersfondse

Wins toeskryfbaar aan gewone aandeelhouders as 'n persentasie van gemiddelde aandeelhouerfondse, voor minderheidsbelang.

### 3.10 Hefboompersentasie

Rentedraende lenings en verpligtinge, verminder met kontantfondse, as 'n persentasie van totale aandeelhoudersbelang, ingesluit minderheidsbelang.

### 3.11 Bedryfsverhouding

Bedryfsbates gedeel deur bedryfslaste.

### 3.12 Aktiwiteite ten opsigte van kontantvloei

#### Bedryfsaktiwiteite

Alle transaksies en gebeure wat nie beleggings- of finansierings- aktiwiteite is nie.

#### Finansieringsaktiwiteite

Aktiwiteite wat veranderinge in die grootte en samestelling van die kapitaalstrukture van die Groep tot gevolg het. Dit sluit ekwiteit en skuld in wat nie onder die definisie van kontant en kontantekwivalente val nie.

#### Beleggingsaktiwiteite

Aktiwiteite met betrekking tot die verkryging, hou en vervreemding van langtermynbates.

### 3.13 Kontant en kontantekwivalente

Kontant voorhande en in lopende bankrekeninge.

### 3.14 Herstruktureringse koste

Herstruktureringse koste behels kostes aangegaan om sodoende prosesse in die Groep in lyn te bring met mekaar.

# Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

| Group/Groep                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      |               | Company/Maatskappy                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                        |               |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------|
| 2012<br>R'000                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    | 2011<br>R'000 | 2012<br>R'000                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                             | 2011<br>R'000 |
| <b>4. Interest in joint ventures</b><br><br>Clover Industries indirectly holds a 50,1% interest in Clover Manhattan through Clover SA. Clover also formed an unincorporated joint venture, Clover Manhattan which is involved in the manufacture, marketing and distribution of ice tea.<br><br>Clover Industries indirectly holds a 51% interest in Clover Fonterra through Clover SA. Clover Fonterra is involved in the marketing and distribution of dairy-related products. |               | <b>4. Belang in gesamentlike ondernemings</b><br><br>Clover Industries hou indirek deur Clover SA 'n 50,1% aandeel in Clover Manhattan. Clover het 'n on-ingekorporeerde gesamentlike onderneming, Clover Manhattan, gestig wat betrokke is by die vervaardiging, bemarking en verspreiding van ystee.<br><br>Clover Industries besit indirek deur Clover SA 'n 51% aandeel in Clover Fonterra. Clover Fonterra is betrokke by die bemarking en verspreiding van suiwelverwante produkte. |               |
| <b>4.1 Interest in joint ventures</b><br><br>The Group's share of the assets, liabilities, income and expenses of the jointly controlled entities at 30 June 2012 which are proportionally consolidated in the consolidated financial statements, is as follows:                                                                                                                                                                                                                 |               | <b>4.1 Belang in gesamentlike onderneming</b><br><br>Die Groep se deel van die bates, laste, inkomste en uitgawes van die gesamentlik beheerde entiteite op 30 Junie 2012 wat proporsioneel gekonsolideer is in die gekonsolideerde finansiële state, is soos volg:                                                                                                                                                                                                                       |               |
| <b>Clover Manhattan</b><br><b>Share of the joint venture's statement of financial position</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |               | <b>Gedeelte van gesamentlike onderneming se staat van finansiële posisie</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              |               |
| 8 171                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            | 12 958        | Bedryfsbates                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              |               |
| 7 211                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            | 10 719        | Bedryfslaste                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              |               |
| <b>Share of joint venture's revenue and profit</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |               | <b>Gesamentlike onderneming se gedeelte van inkomste en wins</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          |               |
| 37 546                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           | 31 507        | Inkomste                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |               |
| (25 056)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         | (20 989)      | Koste van verkope                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         |               |
| (10 896)                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         | (8 995)       | Verkoops-, bemarkings-, verspreidings- en administratiewe uitgawes                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                        |               |
| –                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     | 7 543   | <b>Total finance income received by Clover Beverages from Group Company</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           | <b>Totale finansieringsinkomste deur Clover Beverages ontvang vanaf Groepmaatskappye</b>         |

# Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

| Group/Groep   |               |                                                                        |                                                                                   | Company/Maatskappy |               |
|---------------|---------------|------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------|--------------------|---------------|
| 2012<br>R'000 | 2011<br>R'000 |                                                                        |                                                                                   | 2012<br>R'000      | 2011<br>R'000 |
| –             | 11 195        | (d) Finance income received by Clover SA from Group Companies          | (d) Finansieringsinkomste ontvang deur Clover SA vanaf Groepmaatskappye           | –                  | 11 195        |
| 170           | 117           | CIL                                                                    | CIL                                                                               |                    |               |
|               |               | Clover Namibia                                                         | Clover Namibië                                                                    |                    |               |
| 170           | 11 312        | <b>Total finance income received by Clover SA from Group Companies</b> | <b>Totale finansieringsinkomste ontvang deur Clover SA vanaf Groepmaatskappye</b> | –                  | 11 195        |
| 575 140       | 464 249       | (e) Amounts owing by Clover SA to Group Companies                      | (e) Bedrae verskuldig deur Clover SA aan Groepmaatskappye                         | 575 140            | 464 249       |
| 37 255        | 13 498        | Clover Industries                                                      | Clover Industries                                                                 |                    |               |
| 96            | 107           | Clover Fonterra                                                        | Clover Fonterra                                                                   |                    |               |
| –             | 110           | Lactolab                                                               | Lactolab                                                                          |                    |               |
| 10 408        | 14 544        | Clover Botswana                                                        | Clover Botswana                                                                   |                    |               |
| 544           | –             | Clover Manhattan                                                       | Clover Manhattan                                                                  |                    |               |
|               |               | Clover Swaziland                                                       | Clover Swaziland                                                                  |                    |               |
| 623 443       | 492 508       | <b>Total amounts owing by Clover SA to Group Companies</b>             | <b>Totale bedrae verskuldig deur Clover SA aan Groepmaatskappye</b>               | 575 140            | 464 249       |
| 1 064 553     | 627 437       | (f) Amounts due to Clover SA from Group Companies                      | (f) Bedrae verskuldig aan Clover SA van Groepmaatskappye                          |                    |               |
| 32 481        | 7 846         | Clover Capital                                                         | Clover Capital                                                                    |                    |               |
| –             | 4 458         | Clover West Africa                                                     | Clover Wes-Afrika                                                                 |                    |               |
| 70            | 161           | Clover Zambia                                                          | Clover Zambië                                                                     |                    |               |
| –             | 164           | Lactolab                                                               | Lactolab                                                                          |                    |               |
| 8 103         | 3 339         | Clover Swaziland                                                       | Clover Swaziland                                                                  |                    |               |
| 27 220        | 31 565        | Clover Fonterra                                                        | Clover Fonterra                                                                   |                    |               |
| 16 199        | 10 359        | Clover Botswana                                                        | Clover Botswana                                                                   |                    |               |
| 9 067         | 1 207         | Clover Namibia                                                         | Clover Namibië                                                                    |                    |               |
|               |               | Clover Manhattan                                                       | Clover Manhattan                                                                  |                    |               |
| 1 157 693     | 686 536       | <b>Total amounts due to Clover SA from Group Companies</b>             | <b>Totale bedrae verskuldig aan Clover SA van Groepmaatskappye</b>                |                    |               |

# Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

| Group/Groep   |               |                                                                                                                                                 |                                                                                                                                                             | Company/Maatskappy |               |
|---------------|---------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------|---------------|
| 2012<br>R'000 | 2011<br>R'000 |                                                                                                                                                 |                                                                                                                                                             | 2012<br>R'000      | 2011<br>R'000 |
| 575 140       | 464 249       | (g) Amounts due to CIL from Group Companies                                                                                                     | (g) Bedrae verskuldig aan CIL deur Groepmaatskappye                                                                                                         | 575 140            | 464 249       |
| 480           | 461           | Clover SA                                                                                                                                       | Clover SA                                                                                                                                                   | 480                | 461           |
| 1 480         | 1 438         | CIL Stabilisation Trust                                                                                                                         | CIL Stabilisation Trust                                                                                                                                     | 1 480              | 1 438         |
|               |               | CIL Share Purchase Trust                                                                                                                        | CIL Share Purchase Plan Trust                                                                                                                               |                    |               |
| 577 100       | 466 148       | <b>Total amounts due to CIL from Group Companies</b>                                                                                            | <b>Totale bedrae verskuldig aan CIL van Groepmaatskappye</b>                                                                                                | 577 100            | 466 148       |
| 6 476         | 3 180         | (h) Clover SA received the following dividends during the year from Group Companies:                                                            | (h) Clover SA het die volgende dividende gedurende die jaar ontvang van Groepmaatskappye:                                                                   |                    |               |
| –             | 339 123       | Clover Fonterra Ingredients                                                                                                                     | Clover Fonterra Ingredients                                                                                                                                 |                    |               |
| 378           | 756           | Clover Beverages                                                                                                                                | Clover Beverages                                                                                                                                            |                    |               |
| –             | 1 000         | Lactolab                                                                                                                                        | Lactolab                                                                                                                                                    |                    |               |
| 2 443         | –             | Clover Swaziland                                                                                                                                | Clover Swaziland                                                                                                                                            |                    |               |
|               |               | Clover Manhattan                                                                                                                                | Clover Manhattan                                                                                                                                            |                    |               |
| 9 297         | 344 059       | <b>Total dividends received by Clover SA from Group Companies</b>                                                                               | <b>Totale dividende ontvang deur Clover SA van Groepmaatskappye</b>                                                                                         |                    |               |
| 190 000       | 461 012       | (i) CIL received the following dividends during the year from Group Companies                                                                   | (i) CIL het die volgende dividende gedurende die jaar van Groepmaatskappye ontvang                                                                          | 190 000            | 461 012       |
|               |               | Clover SA                                                                                                                                       | Clover SA                                                                                                                                                   |                    |               |
| 190 000       | 461 012       | <b>Total dividends received by CIL from Group Companies</b>                                                                                     | <b>Totale dividende ontvang deur CIL van Groepmaatskappye</b>                                                                                               | 190 000            | 461 012       |
| 27 550        | 39 869        | <b>29.2 The following transactions regarding the securitisation of debtors took place during the year between Clover SA and Clover Capital:</b> | <b>29.2 Die volgende transaksie met betrekking tot die versekering van debiteure het gedurende die jaar plaasgevind tussen Clover SA en Clover Capital:</b> |                    |               |
| 9 236 322     | 8 240 320     | Net finance cost paid by Clover SA to Clover Capital                                                                                            | Netto finansieringskoste betaal deur Clover SA aan Clover Capital                                                                                           |                    |               |
| (9 123 177)   | (8 210 730)   | Debtors sold to Clover Capital                                                                                                                  | Debiteure verkoop aan Clover Capital                                                                                                                        |                    |               |
|               |               | Receipts from Clover Capital                                                                                                                    | Ontvangste van Clover Capital                                                                                                                               |                    |               |

## Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

| Group/Groep                                                                                                           |               | Company/Maatskappy                                                                                                            |       |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------|
| 2012                                                                                                                  | 2011          | 2012                                                                                                                          | 2011  |
| R'000                                                                                                                 | R'000         | R'000                                                                                                                         | R'000 |
| <b>29.3 With regard to business done with Directors and Senior Management, the following transactions took place:</b> |               | <b>29.3 Ten opsigte van sake gedoen met Direkteure en Uitvoerende Bestuurslede, het die volgende transaksies plaasgevind:</b> |       |
| Milk purchased from the following Non-executive Directors by Clover SA                                                |               | Melk aangekoop van die volgende Nie-uitvoerende Direkteure deur Clover SA                                                     |       |
| 4 467                                                                                                                 | 4 182         | JAH Bredin                                                                                                                    |       |
| 6 047                                                                                                                 | 4 837         | HPF Du Preez                                                                                                                  |       |
| 3 737                                                                                                                 | 3 387         | MG Elliott                                                                                                                    |       |
| 23 648                                                                                                                | 19 228        | JC Hendriks                                                                                                                   |       |
| 17 818                                                                                                                | 16 616        | WI Büchner                                                                                                                    |       |
| –                                                                                                                     | 2 705         | JW Lotz (resigned 7 October 2010)                                                                                             |       |
| –                                                                                                                     | 858           | FG Meyer (resigned 7 October 2010)                                                                                            |       |
| –                                                                                                                     | 6 958         | MG Mackenzie (resigned 7 October 2010)                                                                                        |       |
| –                                                                                                                     | 11 722        | VP Turner (resigned 10 March 2011)                                                                                            |       |
| 25 995                                                                                                                | 5 762         | NA Smith (appointed 10 March 2011)                                                                                            |       |
| <b>81 712</b>                                                                                                         | <b>76 255</b> | <b>Total milk purchased from Non-executive Directors</b>                                                                      |       |
| Refer to note 33 for more information regarding compensation of Directors and key management personnel                |               | <b>Totale melk aangekoop van Nie-uitvoerende Direkteure</b>                                                                   |       |
|                                                                                                                       |               | Verwys na aantekening 33 vir nadere inligting in verband met vergoeding van Direkteure en sleutelbestuurspersoneel.           |       |

### 29.4 Loans outstanding to Directors and senior management

### 29.4 Uitstaande lenings aan Direkteure en senior bestuur

| Group/Groep                                                     |                | Group/Groep                                                                       |                                       |
|-----------------------------------------------------------------|----------------|-----------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------|
| Company/Maatskappy                                              |                | Company/Maatskappy                                                                |                                       |
| 2012                                                            |                | 2011                                                                              |                                       |
| R'000                                                           |                | R'000                                                                             |                                       |
| <b>Executive Director</b>                                       |                |                                                                                   | <b>Uitvoerende Direkteur</b>          |
| JH Vorster                                                      | R25 822        | R26 509                                                                           | JH Vorster                            |
| HB Roode                                                        | R11 621        | R19 177                                                                           | HB Roode                              |
| CP Lerm (Dr)                                                    | R11 718        | R12 037                                                                           | CP Lerm (Dr)                          |
| LJ Botha                                                        | R5 330         | R5 636                                                                            | LJ Botha                              |
| <b>Other Executives</b>                                         |                |                                                                                   | <b>Ander Uitvoerende Bestuurslede</b> |
| H Lubbe                                                         | R930           | R1 001                                                                            | H Lubbe                               |
| JHF Botes (Dr)                                                  | R2 453         | R2 412                                                                            | JHF Botes (Dr)                        |
| <b>Total</b>                                                    | <b>R57 874</b> | <b>R66 772</b>                                                                    | <b>Totaal</b>                         |
| Refer to note 17 for more details around the terms of the loans |                | Verwys na aantekening 17 vir meer inligting rondom die bepalings van die lenings. |                                       |

## Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

### 30. Financial instruments

The Group treasury function does not operate as a profit centre, but rather provides financial services to the divisions and Group companies, coordinates access to credit and loan facilities and manages the financial risks relating to the Group's operations. The Group's objective in using financial instruments is to reduce the uncertainty over future cash flows arising from movement in currency and interest rates. Currency and interest rate exposure is managed within Board-approved policies and guidelines which restrict the use of derivatives to the hedging of specific underlying currency and interest rate exposures.

#### 30.1 Financial risk management

The Group has exposure to the following risks from its use of financial instruments:

- credit risk
- liquidity risk
- market risk: foreign currency and interest rate risk

This Note presents information about the Group's exposure to each of the above risks, the Group's objectives, policies and processes for measuring and managing risk and the Group's management of capital. Further quantitative disclosures are included throughout these consolidated financial statements.

The Board of Directors has overall responsibility for the establishment and oversight of the Group's risk management framework. The Audit and Risk Committee, is responsible for developing and monitoring the Group's risk management policies. The Committee reports regularly to the Board of Directors on its activities.

The Group's risk management policies are established to identify and analyse the risks faced by the Group, to set appropriate risk limits and controls and to monitor risks and adherence to limits. Risk management policies and systems are reviewed regularly to reflect changes in market conditions and the Group's activities. The Group, through its training and management standards and procedures, aims to develop a disciplined and constructive control environment in which all employees understand their roles and obligations.

The Audit and Risk Committee is assisted in its oversight role by Clover Risk Management, assisted by KPMG Services (Pty) Limited. Risk Management undertakes both regular and ad hoc reviews of risk management controls and procedures, the results of which are reported to the Committee.

##### (i) Credit risk management

Credit risk is the risk of financial loss to the Group if a customer or counter party to a financial instrument fails to meet its contractual obligations and arises principally from the Group's receivables from customers and investment securities.

Credit risk primarily relates to potential exposure on bank and cash balances, investments and trade receivables. The Group limits its exposure arising from money market and derivative instruments by only dealing with well-established financial institutions of high credit standing. The Group is exposed to credit risk in the form of trade receivables. The maximum exposure is the carrying amount as disclosed in note 30.5. Historically, Group bad debts have been negligible and the management of debtors payment terms have been very successful. Trade receivables comprise a large number of debtors, but with significant concentration in value on the country's major retail and wholesale chains, credit is extended in terms of the Group's credit policies. In the opinion of the Board there was no significant credit risk at year-end which had not been adequately provided for.

The Group limits its exposure to credit risk by only investing in reputable institutions with high credit ratings.

### 30. Finansiële instrumente

Die Groep tesouriefunksie word nie as 'n winssentrum bedryf nie, maar verskaf finansiële dienste aan afdelings en Groepmaatskappye, koördineer toegang tot krediet en leningsfasiliteite en bestuur die finansiële risiko met betrekking tot die Groep se bedrywighede. Die Groep het ten doel om met die gebruik van finansiële instrumente die onsekerheid oor toekomstige kontantvloei wat voortspruit uit beweging in wissel – en rentekoerse te verminder. Wissel – en rentekoersblootstelling word binne die goedgekeurde beleid en riglyne van die Direksie bestuur, wat die gebruik van afgeleide instrumente beperk tot die verskansing van spesifieke onderliggende wissel – en rentekoersblootstellings.

#### 30.1 Finansiële risikobestuur

Die Groep het blootstelling aan die volgende risiko's uit die gebruik van finansiële instrumente:

- kredietrisiko
- likiditeitsrisiko
- markrisiko: buitelandse valuta en rentekoersrisiko.

Hierdie Aantekening verskaf inligting oor die Groep se blootstelling aan elk van bogenelde risiko's, die Groep se doelstellings, beleid en prosesse om risiko te meet en te bestuur en die Groep se bestuur van kapitaal. Verdere kwantitatiewe openbaarmaking is regdeur hierdie finansiële state ingesluit.

Die Direksie het oorkoepelende verantwoordelikheid vir die daarstel van en oorsig oor die Groep se risikobestuursraamwerk. Die Oudit-en Risikokomitee is verantwoordelik vir die ontwikkeling en monitering van die Groep se risikobestuursbeleid. Die Komitee doen gereeld verslag aan die Direksie oor sy werksaamhede.

Die Groep se risikobestuursbeleid is opgestel om risiko te identifiseer en te ontleed, om gepaste risikogrense en – beheer in te stel en om die risiko en nakoming van grense te monitor. Risikobestuursbeleid en –stelsels word gereeld hersien om veranderinge in marktoestande en die Groep se werksaamhede te weerspieël. Die Groep beoog om deur sy opleiding en bestuursriglyne en – prosedures 'n gedissiplineerde en opbouende beheeromgewing te ontwikkel waarin alle werknemers hul rolle en verpligtinge verstaan.

Die Oudit-en Risikokomitee word bygestaan in sy oorsig oor die Groep se risikobestuur, bygestaan deur KPMG Services (Edms) Beperk. Risikobestuur onderneem beide gereelde en ad hoc – oorsigte van risikobestuurmaatreëls en – prosedures, en daar word oor die resultate aan die Komitee verslag gedoen.

##### (i) Kredietrisikobestuur

Kredietrisiko is die risiko van finansiële verlies vir die Groep as 'n klant of medeparty tot 'n finansiële instrument nalaat om sy kontraktuele verpligtinge na te kom en is hoofsaaklik afkomstig van die Groep se ontvangstes van klante en van beleggingsinstrumente.

Kredietrisiko verwys primêr na potensiële blootstelling op bank – en kontantsaldo's, beleggings en handelsrekeninge ontvangbaar. Die Groep beperk sy blootstelling op die geldmark – en afgeleide instrumente deur slegs met gevestigde finansiële instellings met hoë kredietgraderings sake te doen. Die Groep is blootgestel aan kredietrisiko in die vorm van handelsrekeninge ontvangbaar. Die maksimum blootstelling is die drawaarde soos in aantekening 30.5 geopenbaar. Histories is slegte skuld in die Groep minimaal en die bestuur van debiteure-betalings baie suksesvol. Handelsrekeninge ontvangbaar bestaan uit 'n groot aantal rekeninge, maar met aansienlike konsentrasie in die waarde van die land se groot kleinhandel – en groothandelkettings, word krediet toegestaan ooreenkomstig die Groep se kredietbeleid. Die Direksie is van mening dat geen beduidende kredietrisiko op jaareinde bestaan waarvoor daar nie voldoende voorsien is nie.

Die Groep beperk sy blootstelling aan kredietrisiko deur slegs by hoog aangeskrewe finansiële instansies met hoë kredietgraderings te belê.

# Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

The Group's exposure to credit risk is influenced mainly by the individual characteristics of each customer. The demographics of the Group's customer base, including the default risk of the industry and country in which customers operate, has less of an influence on credit risk. Approximately 71,4% (2011: 67,1%) of the Group's credit sales is attributable to sales transactions with the major national chain stores of good credit standing. However, geographically there is no concentration of credit risk.

The responsibility for effective credit management rests with the Chief Financial Officer. The granting of credit is governed by a policy for the approval and authorisation levels for new credit applications and revision of credit limits.

A credit application, duly authorised, is required before any new account is opened. The original credit application is retained at branch level for safe keeping.

The credit policy requires that each new customer is analysed individually for creditworthiness before the Group's standard payment and delivery terms and conditions are offered. Any variations in authorisation levels must be approved in terms of the credit policy. The review includes obtaining and evaluating trade references, bank codes, financial statements and trade history. Depending on the customer profile and credit limit required, further information on Directors and a credit bureau report will be obtained. With the exception of the major national chain stores, where credit risks are assessed as low, credit limits are established for each customer, which represents the maximum open amounts.

Most of the Group's customers have been transacting with the Group for many years and the Group has had a steady customer base. In monitoring customer credit risk, customers are grouped accordingly to their credit characteristics, including whether they are chain stores, general trade or wholesalers.

Additional credit is withheld from customers, excluding the major national chain stores, that have defaulted on their payments, until the situation has been resolved.

The Group establishes an allowance for impairment that represents its estimate of incurred losses in respect of trade and other receivables and investments. The main component of this allowance is a specific loss component that relates to individually significant exposures.

As a general rule, sureties must be obtained for all new accounts, unless the Group waives its rights in this regard, backed by a low credit risk assessment.

Foreign customers are managed by ensuring that all exports are paid for in cash up front or suitable guarantees must be provided for payment prior to shipping. The current year guarantees increased primarily due to additional guarantees being issued to foreign supplier on the import of capital equipment.

Die Groep se blootstelling aan kredietrisiko word hoofsaaklik beïnvloed deur die individuele eienskappe van elke klant. Die demografie van die Groep se klantebasis, insluitende die nie-betalingsrisiko van die bedryf en land waarin die klant bedrywig is, het minder invloed op kredietrisiko. Ongeveer 71,4% (2011: 67,1%) van die Groep se kredietverkope word toegeskryf aan verkoopstransaksies met kettingwinkels met goeie kredietrekords. Geografies is daar egter geen konsentrasie van kredietrisiko nie.

Die verantwoordelikheid vir effektiewe kredietbestuur berus by die Hoof Finansiële Beampte. Die toestaan van krediet word beheer deur 'n beleid vir die goedkeuring en magtigingsvlakke vir nuwe kredietaansoeke en hersiening van kredietlimiete.

'n Kredietaansoek, behoorlik en volledig goedgekeur, word vereis voordat 'n nuwe rekening geopen word. Die oorspronklike kredietaansoek word by die tak in veilige bewaring gehou.

Die kredietbeleid vereis dat elke nuwe klant individueel ontleed word vir kredietwaardigheid voordat die Groep se standaardbetalings-, leweringsvoorwaardes en terme aangebied word. Enige afwyking van magtigingsvlakke moet in terme van die kredietbeleid goedgekeur word. Die hersiening sluit handelsverwysings, bankkodes en handelsgeskiedenis in. Bykomende inligting word verlang afhange van die klant se profiel en die kredietperk wat verlang word, naamlik inligting oor Direkteure, finansiële state en 'n onlangse kredietburoverslag van die voornemende klant. Met uitsondering van die groot kettingwinkels, waar kredietrisiko as laag geag word, word kredietlimiete vir elke klant bepaal wat die maksimum bedrag beskikbaar verteenwoordig.

Die meeste van die Groep se klante doen al vir baie jare sake met die Groep en die Groep het 'n bestendige klantebasis. Wanneer klante-kredietrisiko gemoniteer word, word klante volgens hul kredieteienskappe gegroepeer, insluitend of hulle kettingwinkels, algemene handelaars of groothandelaars is.

Met uitsluiting van die groot nasionale kettingwinkels, word addisionele krediet van klante weerhou waar hulle in gebreke bly om hulle betalings na te kom.

Die Groep bepaal 'n toelaag vir waardedaling wat sy raming verteenwoordig van verliese wat opgeloop kan word ten opsigte van handels – en ander debiteure en beleggings. Die hoofkomponent van die toelaag is 'n spesifieke verlieskomponent wat verwys na individueel wesenlike blootstellings.

As 'n reël moet sekuriteit verkry word vir alle nuwe rekeninge, behalwe waar die Groep sy reg tersyde stel op grond van 'n lae risiko-evaluasie.

Buitelandse klante word bestuur deur te verseker dat vir alle uitvoere kontant vooruitbetaal is of aanvaarbare waarborge moet gelewer word vir betaling voor versending. Die waarborge vir die huidige jaar het toegeneem hoofsaaklik as gevolg van bykomende waarborge uitgereik aan buitelandse verskaffer met die invoer van kapitaaltoerusting.

| Guarantees |                | 2012<br>Rm | 2011<br>Rm |                 |
|------------|----------------|------------|------------|-----------------|
|            | Municipalities | 6,91       | 5,35       | Munisipaliteite |
|            | Other          | 64,40      | 8,39       | Ander           |
|            |                | 71,31      | 13,74      |                 |

## (iii) Liquidity risk management

Liquidity risk is the risk that the Group will not be able to meet its financial obligations as they fall due. The Group's approach to managing liquidity is to ensure that it will always have sufficient liquidity to meet its liabilities when due, under both normal and stressed conditions.

The Group manages liquidity risk by monitoring actual and budgeted cash flows and ensuring that adequate borrowing facilities are maintained.

The Group ensures that it has sufficient cash on demand to meet expected operational demands, including the servicing of financial obligations; this excludes the potential impact of extreme circumstances that cannot reasonably be predicted, such as natural disasters. In addition the Group maintains the lines of credit as can be viewed in note 22.2

The Group monitors the liquidity risk using a recurring liquidity planning tool. This tool considers the maturity of both its financial investments and financial assets and projected cash flows from operations.

## (ii) Likiditeitsrisikobestuur

Likiditeitsrisiko is die risiko dat die Groep nie in staat sal wees om sy verpligtinge na te kom soos wat dit betaalbaar word nie. Die Groep se benadering tot die bestuur van likiditeit is om sover moontlik te verseker dat dit altyd genoegsame likiditeit het om sy verpligtinge na te kom, onder beide normale en druk toestande.

Die Groep bestuur likiditeitsrisiko deur die monitering van werklike en begrote kontantvloei en die handhawing van voldoende leningsgeriewe.

Die Groep verseker dat hy genoeg kontant beskikbaar het om verwagte bedryfsverpligtinge na te kom, insluitend die diens van finansiële verpligtinge; dit sluit die potensiele impak van uitsonderlike omstandighede wat nie redelik voorsien kan word nie, soos natuurrampe, uit. Verder hou die Groep die kredietlyne soos uiteengesit in aantekening 22.2.

Die Groep moniteer die risiko van 'n tekort aan kontant deur 'n herhalende likiditeitsbeplanningswerktuig. Dit oorweeg die termyn van beide sy finansiële beleggings en bates en geprojekteerde kontantvloei uit sy werksaamhede.

## Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

The Group's objective is to maintain a balance between continuity of funding and flexibility through the use of bank overdrafts, bank loans, preference shares, finance leases and hire purchase contracts. The Group's policy is that not more than 25% (2011: 25%) of long-term borrowings should mature in the next 12-month period, however due to the Group's strong cashflow and borrowing facilities available the Group has not yet refinanced the borrowings maturing in the next 12 months. 95,1% (2011: 28,7%) of the Group's long-term debt will mature in less than one year at year-end based on the carrying value of borrowings reflected in the financial statements.

Trade creditors form an important part of the short-term financing of the Group's working capital. Careful management and control of trade creditors is applied to ensure maximum use of what is viewed as interest-free debt.

### *(iii) Market risk management*

Market risk is the risk that changes in market prices such as foreign exchange rates and interest rates will affect the Group's income or the value of its holdings of financial instruments. The objective of market risk management is to manage and control market risk exposures within acceptable parameters, while optimising the return of risk.

The Group buys and sells derivatives in the ordinary course of business in order to manage market risks. All such transactions are carried out within the guidelines set by the Risk Management Policy.

### *(iv) Foreign currency risk management*

The Group is exposed to currency risk on sales and purchases that are denominated in a currency other than the respective functional currencies of Group entities. Currencies primarily exposed to from time to time are the Euro, US Dollar, Botswana Pula and the British Pound. Certain exchange rate exposures are hedged through the use of forward exchange contracts. The Group has entered into certain forward exchange contracts on foreign commitments not yet due.

The Group hedges amounts greater than R200 000 denominated in a foreign currency. Forward exchange contracts are used to hedge currency risk, most with a maturity of less than one year from the reporting date. When necessary, forward exchange contracts are rolled over at maturity.

### **Foreign currency sensitivity**

The following table demonstrates the sensitivity to a reasonably possible change in exchange rates of the Euro, US Dollar and the Pula. The Group's exposure to foreign currency changes for all other currencies is not material.

Die Groep se doelwit is om 'n balans te handhaaf tussen die deurlopendheid van befondsing en aanpasbaarheid deur die gebruik van bankoortrekkings, banklenings, voorkeuraandele, bruikhuurooreenkomste en huurkoopkontrakte. Die Groep se beleid is dat nie meer as 25% (2011: 25%) van die Groep se langtermynlenings oor die volgende 12 maande betaalbaar moet wees nie. 95,1% (2011: 28,7%) van die Groep se langtermynskuld op jaareinde sal oor minder as een jaar betaalbaar wees, gegrond op die drawaarde van lenings weergegee in die finansiële state.

Handelskrediteure vorm 'n belangrike deel van die korttermyn – finansiering van die Groep se bedryfskapitaalbehoefte. Versigtige bestuur en beheer van handelskrediteure word toegepas om te verseker dat daar maksimaal gebruik gemaak word van wat beskou word as rentevrye skuld.

### *(iii) Markrisikobestuur*

Markrisiko is die risiko dat veranderinge in markpryse soos buitelandse valutakoerse en rentekoerse die Groep se inkomste of die waarde van sy finansiële instrument-posisie sal beïnvloed. Die doel van doeltreffende markrisikobestuur is om blootstelling aan markrisiko te beheer en binne aanvaarbare perke te hou, terwyl die opbrengs geoptimaliseer word.

Die Groep koop en verkoop afgeleide instrumente in die normale gang van sake en gaan ook finansiële verpligtinge aan om die markrisiko te bestuur. Al sulke transaksies word uitgevoer binne die riglyne wat deur die Risikobestuur-beleid daargestel is.

### *(iv) Buitelandse valutarisikobestuur*

Die Groep is blootgestel aan valutarisiko op verkope en aankope onderneem in ander valuta as Groep entiteite se funksionele valuta. Primêre valuta waaraan die Groep blootgestel word, is hoofsaaklik die Euro, VS Dollar, Botswana Pula en die Britse Pond. Sekere wisselkoers-blootstelling word verskans deur die gebruik van valutatermynkontrakte. Die Groep het sekere valutatermynkontrakte aangegaan wat nog nie betaalbaar is nie.

Die Groep verskans bedrae groter as R200 000 in 'n buitelandse geldeenheid. Die Groep gebruik valutatermynkontrakte om sy valutarisiko te verskans, meestal oor 'n termyn van minder as een jaar van die verslaggewingsdatum af. Indien nodig, word valutatermynkontrakte hernu met die verstryking daarvan.

### **Buitelandse valuta sensitiwiteit**

Die volgende tabel dui die sensitiwiteit vir 'n redelik moontlike wisselkoers-verandering van die Euro, VS Dollar en die Pula. Die Groep se blootstelling aan buitelandse valuta verandering vir alle ander geldeenhede is nie beduidend nie.



## Notes to the consolidated financial statements/Aantekeninge tot die gekonsolideerde finansiële state

for the year ended/vir die jaar geëindig 30.6.2012

| Group/Groep 2012                        |                                                                |                                          | Group/Groep 2011                                  |                                                                |                                          |
|-----------------------------------------|----------------------------------------------------------------|------------------------------------------|---------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------|------------------------------------------|
| Change in rate/<br>Verandering in koers | Effect on profit before tax/<br>Invloed op wins voor belasting | Effect on equity/<br>Invloed op ekwiteit | Change in rate/<br>Verandering in koers           | Effect on profit before tax/<br>Invloed op wins voor belasting | Effect on equity/<br>Invloed op ekwiteit |
|                                         | R'000                                                          | R'000                                    |                                                   | R'000                                                          | R'000                                    |
| <b>+30%</b>                             | —                                                              |                                          | Forward exchange contracts open on reporting date |                                                                |                                          |
|                                         |                                                                |                                          | Rand – strengthening                              |                                                                |                                          |
|                                         |                                                                |                                          | Profit on Euro                                    |                                                                |                                          |
